

Rolervaring van grootouers as die primêre versorgers van hulle kleinkinders in Odendaalsrus

Susan Brink

23277637

Magister Artium Psigologie

SKOOL VIR PSIGOSOSIALE GEDRAGSWETENSKAPPE

VAKGROEP: PSIGOLOGIE

NOORDWES-UNIVERSITEIT (POTCHEFSTROOM KAMPUS)

NAVORSINGSEENHEID: AUTHÉR

Studieleier: Mev I F Jacobs

Mede-studieleier: Prof V Roos

November 2012

VERKLARING DEUR TAALVERSORGER

Hiermee verklaar ek, Izak David Vorster, dat ek die taalversorging en proefleeswerk van die skripsie:

Rolervaring van grootouers as die primêre versorgers van hulle kleinkinders in Odedaalsrus

Deur

Susan Brink

vir die graad

Magister Artium Psigologie

gehanteer het.

Ek is 'n vryskut taalversorger na 'n loopbaan in die onderwys en is tans taalversorger en vertaler vir verskeie instansies.

Dr I. D. Vorster (BA;DEd;IVS;Satori)

Posbus 329

ONRUSRIVIER

7201

(0824850556)

10 November 2012

VERKLARING

Hiermee verklaar ek

Susan Brink

dat

**“Rolervaring van grootouers as die primêre versorgers van hulle kleinkinders
in Odendaalsrus”**

my eie werk is en dat alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het so aangedui is deur middel van volledige bronverwysings. Die NWU Harvard Verwysingstyl is benut soos verkry is vanuit die 2012 uitgawe van die NWU Verwysingsgids, versprei deur Biblioteekdienste, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit.

S. H. Brink

Datum

BEDANKINGS

Hiermee wil ek graag die volgende persone bedank wat bygedra het tot die voltooiing van my navorsing.

- Me. I.F. Jacobs vir haar insig en kennis sowel as vir haar tyd en bemoediging veral in die tye wat ek nie meer wou aangaan nie. Dankie ook vir die geduld en ondersteuning wat nooit opgeraak het nie.
- Vir Prof. Vera Roos vir haar insig en bystand op 'n kritieke tyd van die navorsing.
- Baie dankie aan my man en beste vriend, Aldert, sonder wie se ondersteuning, bemoediging, begrip, liefde en vertrouwe in my vermoëns die studie glad nie die lig sou gesien het nie.
- My kinders wil ek bedank vir die wyse waarop hulle altyd gelate aanvaar het as ek voor die rekenaar moes sit en werk en nie altyd tyd saam met hulle kon spandeer het nie. Gerrie, Aldert en Vorster julle was engele.
- Dr. I.D. Vorster vir die taalversorging van my skripsie.
- Dankie ook aan die deelnemers van die studie vir julle tyd wat julle afgestaan het om ook julle ervarings met my te deel, sonder julle sou die studie nie moontlik gewees het nie.
- Dan laaste maar nie die minste nie, dankie vir my Hemelse Vader wat my geseën het met 'n gesonde verstand en die vermoë om te kan studeer.

OPSOMMING

Die doel van die studie was om ondersoek in te stel na die rolervaring van grootouers wat as die primêre versorgers van hulle kleinkinders in die voorstedelike gemeenskap van Odendaalsrus optree.

'n Literatuurstudie oor die onderwerp het aangetoon dat daar geen navorsing gedoen is op blanke grootouers in die voorstedelike gemeenskappe van Suid-Afrika wat as die primêre versorgers van hulle kleinkinders optree nie. Die literatuur het ook gewys dat hierdie fenomeen wêreldwyd aan die toeneem is.

Die navorser het 'n kwalitatiewe, beskrywende fenomenologiese studie onderneem om die ervaring van grootouers se rol as primêre versorgers vir hulle kleinkinders te ondersoek. Die navorsing is gedoen in 'n plattelandse omgewing en die deelnemers was tien blanke grootouers waarvan vier manlik en ses vroulik was. Grootouers is geïdentifiseer wat aan die kriteria wat vir die studie geformuleer is, voldoen het. Ingeligte toestemming is verkry waarna die grootouers deur middel van ongestruktureerde onderhoude hulle rolervarings gedeel het, en die data toe tematies ontleed is.

Uit die studie was dit duidelik dat die oorsake van die fenomeen 'n komplekse aangeleentheid is. Die redes waarom grootouers as primêre versorgers vir hulle kleinkinders optree, is uiteenlopend en sluit oorsake in soos die dood van die ouers, onbekwaamheid van die ouers as gevolg van kroniese siekte soos MIV en Vigs, dwelm- en drankmisbruik, egskeiding en tienerswangerskappe of ouers wat ongeërg is oor hulle kinders en nie self die verantwoordelikheid wil aanvaar nie. Grootouers wat as primêre versorgers vir hulle kleinkinders optree, het egter konsekwensies vir beide die kleinkind en die grootouer. Die vernaamste bevinding is egter dat die grootouers in hierdie studie konflik ervaar tussen die tradisionele rol wat van grootouers verwag word en die plaasvervangende ouerrol wat hulle tans as primêre versorgers van hulle kleinkinders moet vervul. Hulle rolervaring sluit ook die finansiële versorgingsrol, bemiddelaarsrol en dissiplineringsrol in. Die rolle stel ook eise aan die grootouers op interpersoonlike vlak.

Voorstelle word gemaak om professionele persone toe te rus om grootouers by te staan om die rolervarings te verwoord en om aan hierdie grootouers doeltreffende ondersteuning en advies te bied.

KERNKONSEPTE

Grootouers

primêre versorgers

rolteorie

rolervaring

SUMMARY

The general aim of the study was to investigate how grandparents experience their role as the primary caregivers of their grandchildren in the town of Odendaalsrus.

From the literature review the researcher realised that a limited amount of research has been done on Caucasian grandparents as primary caregivers of their grandchildren in the suburban areas of South Africa. The literature however did confirm that the prevalence of the phenomenon of grandparents raising their grandchildren has increased significantly over the past few years. This led to the investigation into how grandparents experience their role as the primary caregivers of their grandchildren.

The researcher undertook a qualitative, descriptive phenomenological study. The research was conducted in the rural town of Odendaalsrus. The participants consisted of ten Caucasian grandparents of whom four were male participants and six were female participants.

Grandparents who formed part of the research sample were identified based on a set of criteria which was formulated by the researcher. After the participants had been identified, the purpose of the research was explained to them. Informed consent was obtained, where after grandparents shared their experience of their role as the primary caregivers of their grandchildren through an unstructured interview.

The interviews were transcribed by the researcher. The transcriptions were reviewed by the researcher, after which themes were identified together with supporting evidence thereof.

The results of the study confirmed that, although the phenomenon is increasing the cause thereof are a complex issue. The reasons why grandparents act as primary caregivers of their grandchildren are divergent and include reasons like the death of parents, incompetence of parents due to chronic illness such as HIV/ Aids, alcohol and drug abuse, divorce, teen pregnancies or parents who are just unable to look after their own children.

The phenomenon of grandparents as primary caregivers of their grandchildren has consequences for both the grandparents and grandchildren. Grandparents pursuing the primary caregiver role experience intense conflict between the traditional role of a grandparent and the role of substitute parent they are fulfilling now. Their role also includes the financial provider role, the mediator role and the disciplinary role. These roles all have an impact on the interpersonal relationships of these grandparents.

Recommendations are made to professionals (social workers, therapists and counsellors) to equip them in assisting grandparents in their experience and to provide them with effective support and advice.

KEY CONCEPTS

Grandparents

Primary caregivers

Role theory

Role experience

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1 – INLEIDING

1.1 ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING VAN DIE STUDIE.....	1
1.2 DOEL VAN DIE STUDIE.....	4
1.3 NAVORSINGSMETODOLOGIE.....	4
1.4 HOOFSTUKINDELING.....	6
1.5 SAMEVATTING.....	7

HOOFSTUK 2 – GROOTOUERS WAT DIE PRIMÊRE VERSORGERS VAN HULLE KLEINKINDERS IS:LITERATUUROORSIG

2.1 INLEIDING.....	8
2.2 REDES WAT BYDRA TOT GROOTOUERS AS DIE PRIMÊRE VERSORGERS VAN HULLE KLEINKINDERS.....	8
2.2.1 Dood van die biologiese ouers.....	9
2.2.2 Dwelmmisbruik.....	9
2.2.3 Egskeiding, tienerswangerskappe en die vinnige groei in enkelouer huishoudings.....	10
2.2.4 MIV/ vigs.....	10
2.2.5 Ouers wat tronkstraf uitdien.....	10
2.3. DIE GEVOLGE VAN GROOTOUERS AS PRIMÊRE VERSORGERS	11
2.3.1 Die tydsberekening van die rol / Lewensoorgang.....	13
2.3.2 Dubbelsinnigheid van die rol / Omgewingsdruk.....	14
2.3.3 Rolkonflik / Wanaangepaste interpersoonlike reaksie.....	15
2.4 SAMEVATTING.....	17

HOOFSTUK 3 – NAVORSINGSPROSEDURE EN WERKSWYSE

3.1 INLEIDING.....	18
3.2 NAVORSINGSMETODE.....	18
3.2.1 Navorsingsontwerp.....	19
3.2.2 Navorsingskonteks en deelnemers.....	20
3.2.3 Populasie en steekproefneming.....	20

<i>3.2.3.1 Navorsingsprosedure wat met die deelnemers gevolg is.....</i>	23
3.2.4 Data insameling.....	24
3.2.5 Data-analise.....	25
3.2.6 Etiese prosedures wat tydens die studie in ag geneem is.....	26
3.3 VERTROUENSWAARDIGHEID VAN DIE STUDIE.....	29
3.4 SAMEVATTING.....	31

HOOFSTUK 4 – BEVINDINGS

4.1 INLEIDING.....	32
4.2 BESPREKING VAN DIE DATA VOLGENS TEMAS, SUBTEMAS EN KATEGORIEË.....	32
4.3 HOOFTEMA 1:VERSKILLENDE ROLLE AS PRIMÊRE VERSORGERS.....	32
4.3.1 Finansiële versorgingsrol.....	33
4.3.2 Bemiddelaarsrol	38
4.3.3 Dissiplineringsrol.....	40
4.3.4 Tradisionele rol vs huidige rol.....	42
4.4 HOOFTEMA 2: PRIMÊRE VERSORGINGSROL STEL EISE OP INTERPERSOONLIKE VLAK.....	44
4.4.1 Interpersoonlike verhoudings.....	44
4.5 SAMEVATTING.....	47

HOOFSTUK 5 – EVALUERING, GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING.....	49
5.2 GEVOLGTREKKINGS.....	49
5.3 AANBEVELINGS.....	51
5.3.1 Aanbevelings ten opsigte van die grootouers.....	51
5.3.2 Aanbevelings ten opsigte van professionele persone wat werk metdie grootouers en kleinkinders.....	52
5.3.3 Aanbevelings in die breë.....	53
5.3.4 Aanbevelings ten opsigte van verdere navorsing.....	54

5.4 BEPERKINGS VAN DIE NAVORSING.....	55
5.5 SAMEVATTING	55

VERWYSINGS.....	56
------------------------	-----------

AANHANGSEL A: TOESTEMMINGSVORM.....	64
--	-----------

LYS VAN TABELLE:

Tabel 3.1: Inligting oor deelnemers.....	22-23
Tabel 3.2: Navorsingsprosedure wat met die deelnemers gevolg is.....	23-24
Tabel 4.1: Verskillende rolle as primêre versorgers.....	32-33
Tabel 4.2: Primêre versorgingsrol stel eise op interpersoonlike vlak.....	44

HOOFSTUK 1 - INLEIDING TOT DIE STUDIE

1.1 ORIËTERING EN PROBLEEMSTELLING VAN DIE STUDIE

Sosiale veranderinge en die verandering in die struktuur van families het daartoe aanleiding gegee dat al hoe meer grootouers toenemend die primêre verantwoordelikheid neem vir die versorging van hulle kleinkinders (Cox, 2003:127; Stern, 2009:5). Grootouers wat na hulle kleinkinders omsien is volgens Roe en Minkler (1998:25) nie 'n nuwe verskynsel nie, maar die verskynsel dat grootouers die primêre verantwoordelikheid vir die versorging van hulle kleinkinders oorneem, is veral aan die toeneem (Walddrop & Weber, 2001:461). Volgens die 2000 sensus in Amerika is 6.3% van alle kinders onder die ouderdom van 18 jaar in die permanente versorging van hulle grootouers (Cox, 2007:561; Hoff, 2007:646). Die 2001 sensus in Suid-Afrika dui daarop dat 38.2% van kinders tussen die ouderdom van 0-4 jaar, 27.18% van kinders 5-13 jaar en 17.32% van kinders tussen 14-18 jaar in huishoudings bly waarvan die grootouers die hoof is (Statistics South Africa, 2005:48, 69 &145).

Grootouers wat voltyds verantwoordelik is vir die versorging van hulle kleinkinders, sonder dat daar biologiese ouers teenwoordig is, staan bekend as die "*skipped-generation*" grootouers (Price, 2005:145; Roe & Minkler, 1998:25; Smith & Hancock, 2010:45). Stern (2009:7) omskryf gesinne waar grootouers die primêre versorgers van hulle kleinkinders is as 'n "*grandfamily*" en die kleinkinders in hierdie gesinne staan bekend as "*grandkin*".

Volgens Van Rensburg (2006:3-4) kom die verskynsel van grootouers wat hulle kleinkinders grootmaak algemeen voor onder nie-blanke Suid-Afrikaners wat in die platteland bly. Navorsing oor ander rassegroepe waar die grootouers die primêre versorgingsrol van hulle kleinkinders oorneem is egter beperk. Navorsing wat wel gedoen is op die verskynsel van grootouers wat optree as die primêre versorger van hulle kleinkinders fokus hoofsaaklik op MIV/ Vigs as oorsaak waarom ouers nie meer na hulle kinders kan omsien nie en die taak deur die grootouers opgeneem word (Boon, Ruiters, James, Von Den Borne, Williams & Reddy 2009).

Die navorser kon egter geen literatuur opspoor oor grootouers wat die primêre versorgers van hulle kleinkinders in die blanke gemeenskappe van Suid-Afrika is nie. Roos (2012) ondersteun die feit dat daar min navorsing in Suid Afrika gedoen is waar die fokus spesifiek op blanke grootouers val wat as primêre versorgers van hulle kleinkinders optree. Selfs in die Groenskrif op Families (16 Mei 2012) wat deur die Departement van Sosiale Ontwikkeling uitgegee is, is die fokus ten opsigte van navorsing op families uit voorheen benadeelde rasse van Suid-Afrika.

Grootouers wat primêr vir hulle kleinkinders se versorging verantwoordelikheid neem kan toegeskryf word aan die dood van ouers, egskeiding, werkloosheid van ouers, tienerswangerskap, dwelmmisbruik, tronkstraf en geestesongesteldheid (Cox, 2003:127; Edwards, 1998:173; Whitley, Kelley & Sipe, 2001:105). Volgens die Kinderwet 38 van 2005 behels die versorging van 'n kind die volgende: dat daar gesorg sal word vir 'n kind se gesondheid, welsyn en ontwikkeling en om die kind te beskerm teen mishandeling, misbruik, verwaarlosing, vernedering, diskriminasie, eksploitasie en enige ander fisiese, emosionele of geestelike leed of gevaar.

Dit is duidelik dat die Kinderwet spesifieke eise stel aan diegene wat verantwoordelik is vir die versorging van kinders. Kropf en Wilks (2003:178) is egter van mening dat die rol van primêre versorgers van kinders, bepaalde voordele sowel as nadele vir die primêre versorgers inhou en dat hierdie rol veral die fisiese sowel as sosiale funksionering van primêre versorgers beïnvloed. Grootouers wat die primêre versorgers van hulle kleinkinders is, gaan veral gebuk onder finansiële probleme, sosiale isolasie en 'n tekort aan ondersteuning (Kropf & Wilks, 2003:179; Minkler & Roe, 1996:34-35). Cox (2003:128) noem in die verband dat grootouers wat die primêre versorgers van hulle kleinkinders is, se fisiese sowel as geestelike gesondheid swakker is as die van grootouers wat nie die primêre versorger van hulle kleinkinders is nie.

Navorsing het voorts bevind dat grootouers dikwels voel dat hulle gebrek aan kennis oor kinderontwikkeling hulle onbekwaam laat voel in hulle rol as die primêre versorger (Dolbin-MacNab, 2006:564,565). Verder ervaar grootouers wat die primêre verantwoordelikheid van hulle kleinkinders neem 'n onderbreking in hulle normale lewenssiklus en word hulle gekonfronteer met 'n ander rol as wat hulle verwagting

was vir die tyd in hulle lewe (Waldrop & Weber, 2001:462). Die grootouers word dus gekonfronteer met ander uitdagings op 'n tydstip van hulle lewe toe hulle verwagtings was dat hulle 'n tradisionele rol as grootouer sou inneem. Die tradisionele rol van grootouers sluit die volgende verskillende rolle in: grootouers neem die rol van kameraad en vriend vir hulle kleinkinders in, grootouers help met die skep en onderhouding van die familie-identiteit en dra ook morele waardes oor aan hulle kleinkinders (Backhouse, 2009:31). Tradisioneel is grootouers ook gesien as 'n hulp om ouers met die versorging van kinders te help, maar dat dit nie primêr die verantwoordelik van die grootouers was om volle verantwoordelikheid vir die versorging van hulle kleinkinders te aanvaar nie. Grootouers se rol van grootouers is gesien as "*pleasure without responsibility*" (Backhouse, 2009:31).

Volgens Landry-Meyer en Newman (2004:1006) bied rolteorie die teoretiese raamwerk waarbinne die rolervaring van grootouers ondersoek kan word. Hierdie outeurs gebruik drie aspekte van die sosiale rolteorie in die konteks van grootouers wat die primêre versorgers is van hulle kleinkinders. Die drie aspekte behels die volgende:

- **Tydsberekening** wat dui op die spesifieke tydstip waarop grootouers hierdie nuwe rol opneem.
- **Dubbelsinnigheid van die rol verwys dat** daar nie 'n duidelik roluitklaring is nie.
- **Rolkonflik verwys na die potensiële** konflik tussen die tradisionele rol van grootouers soos gesien in die samelewing en die rol van grootouers wat optree as die primêre versorgers van hulle kleinkinders (Landry-Meyer and Newman, 2004:1006-1009). Die teoretiese raamwerk van die rolteorie word in hoofstuk 2 volledig bespreek.

Gesien in die lig van die feit dat die verskynsel van grootouers wat hulle kleinkinders grootmaak aan die toeneem is, is Dolbin-MacNab, (2006:565) van mening dat daar meer navorsing gedoen moet word oor hoe die grootouers hierdie roltoekenning

ervaar. Volgens Waldrop and Weber (2001:471) verstaan terapeute en maatskaplike werkers ook nie die ware behoeftes en probleme van die grootouers nie en derhalwe word daar dikwels nie voldoende ondersteuning vir die grootouers of kleinkinders gebied nie (Waldrop & Weber, 2001:471).

Die navorsingsvraag wat hierdie studie gerig het, was derhalwe: Hoe ervaar grootouers hulle rol as die primêre versorgers van hulle kleinkinders?

1.2 DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van die studie is dus om die rolervaring van blanke grootouers in Odendaalsrus wat as primêre versorgers van hulle kleinkinders optree, te verken en te beskryf.

1.3 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Die doel van die navorsing is om 'n spesifieke fenomeen: blanke grootouers wat die primêre versorgingsrol ten opsigte van hulle kleinkinders vervul te verken en te beskryf in die gemeenskap van Odendaalsrus. Kwalitatiewe navorsing en beskrywende fenomenologiese navorsingsontwerp is derhalwe geskik vir hierdie navorsing. Volgens Greeff (2012:14) is fenomenologie die "identifisering van die essensie van menslike belewenisse oor 'n fenomeen soos beskryf deur die deelnemer en wat fokus op die betekenis van die ervaring soos beleef deur die deelnemer", en word daar geen hipotese vir die navorsing gestel nie (Greeff, 2012; Lester, 1999:1). Beskrywende fenomenologiese navorsing bied 'n beskrywing van 'n spesifieke fenomeen en poog nie om die fenomeen te verklaar nie (Finlay, 2009:10 & Giorgi, 2012:6). Kwalitatiewe data-insamelingstegnieke is gebruik wat deelnemers in staat stel om hulle ervarings te deel (Durrheim, 2004:40; Gravetter & Forzana, 2009:158).

- Navorsingskonteks en deelnemers

Die navorser wou met hierdie studie die voorkoms van hierdie fenomeen onder blanke grootouers in Odendaalsrus, wat as primêre versorgers van hulle kleinkinders optree, verken en beskryf. In die blanke voorstedelike gemeenskap van Odendaalsrus, in die Vrystaat, is die verskynsel van grootouers wat die primêre versorgers van hulle kleinkinders is, besig om toe te neem. Die redes hou verband met ouers se onbekwaamheid as gevolg van MIV/vigs, egskeiding, die dood van ouers sowel as ouers se onwilligheid om vir hulle eie kinders te sorg (Borman, 2011).

Vir die doel van die studie het die navorser gebruik gemaak van beskikbaarheidssteekproef wat deel vorm van nie-waarskynlikheidssteekproeftrekking (Bless, Higson-Smith & Kagee, 2008:105). Die kriteria vir insluiting in die beskikbaarheidssteekproef was:

- Blanke Engels- of Afrikaanssprekende grootouers;
- wat woonagtig is in die dorp Odendaalsrus;
- en wat die primêre versorgers van hulle kleinkinders onder die ouderdom van 18 jaar is
- en bereid is om vrywillig aan die studie deel te neem.

Die navorser het gebruik gemaak van ongestruktureerde onderhoude om data in te samel ten einde ruimte te laat vir die assessering van elke individuele situasie en die inwin van inligting wat die navorser voel relevant is. Die data is geanaliseer volgens die stappe wat deur Terre Blanche en Kelly (2004:140-144) vir die analisering van kwalitatiewe data aangedui word.

Vir doeleindes van hierdie studie het die navorser ten eerste die onderhoude getranskribeer. Die navorser het daarna die transkripsies in diepte ondersoek en vertrou geraak met die data wat ingesamel is. Data wat uitgestaan het as natuurlike organiseerders is in temas geformuleer. Die inligting is toe in kategorieë gedeel ter ondersteuning van die temas wat geïdentifiseer is. Daarna het die navorser weer na die data gekyk om te verseker dat die temas en kategorieë 'n geheel weergawe gee van die data wat ingesamel is.

- Vertrouenswaardigheid van die studie

Guba (in Shenton, 2004:73) beskryf vier kriteria vir vertrouenswaardigheid saam met 'n lys van moontlike aspekte wat in ag geneem moet word ten einde kwalitatiewe navorsing van hoë akademiese standaard te lewer. Hierdie kriteria sluit die volgende in:

- Die eerste kriterium is **Geloofwaardigheid**. Geloofwaardigheid probeer vasstel hoe kongruent die bevindings met die werklikheid is (Shenton, 2004:64).
- Die tweede kriterium is **Oordraagbaarheid**. Oordraagbaarheid verwys na die mate waartoe die bevindings oorgedra kan word na ander situasies (Shenton, 2004:69).
- Die derde kriterium is **Vertroubaarheid**. Vertroubaarheid kyk na hoe vertroubaar die studie is, dus indien die navorsing in dieselfde konteks deur middel van dieselfde metodes en met dieselfde deelnemers herhaal sal word, of dieselfde resultate verkry sal word (Shenton, 2004: 71).
- Die vierde kriterium is **Bevestigbaarheid**. Bevestigbaarheid verwys na die objektiwiteit van die studie en vra vrae soos: Is die bevindings van die studie die idees van die deelnemers of is dit die voorkeure van die navorser? (Shenton, 2004:72).

Al bogenoemde aspekte wat deel vorm van die navorsingsmetodologie wat vir die studie gebruik is, word saam met 'n bespreking van die etiese aspekte wat op die studie van toepassing was volledig in hoofstuk 3 omskryf.

1.4 HOOFSTUKINDELING

Die hoofstukke word vir die doel van die studie soos volg ingedeel:

In Hoofstuk twee gee die navorser 'n literatuuroorsig van die studie wat spesifiek aandag gee aan die rolteorie: Hoofstuk 2 – Grootouers wat die primêre versorger van hulle kleinkinders is.

Hoofstuk drie is 'n omskrywing van die navorsingsmetode wat gebruik is in die studie: Hoofstuk 3 – Navorsingsprosedure en werkswyse

Die data wat ingesamel is sowel as die temas en subtemas wat geïdentifiseer is word in hoofstuk 4 volledig bespreek: Hoofstuk 4 – Bevindings

Hoofstuk 5 dien as opsomming van die studie, waartydens die navorser die navorsing evalueer en aanbevelings maak: Hoofstuk 5 – Evaluering, gevolgtrekking en aanbevelings.

1.5 SAMEVATTING

In die hoofstuk het die navorser die leser oriënteer ten opsigte van die onderwerp, navorsingsvraag en doel van die studie. In Hoofstuk 2 sal die navorser vervolgens aandag gee aan die hoofkonsepte wat vir die doel van hierdie studie geïdentifiseer is.

HOOFSTUK 2 - GROOTOUERS WAT DIE PRIMÊRE VERSORGERS VAN HULLE KLEINKINDERS IS: LITERATUUROORSIG

2.1 INLEIDING

Navorsing wat in Amerika gedoen is oor grootouers wat die versorging van hulle kleinkinders as primêre versorgers waarneem, het hoofsaaklik gefokus op enkel-, lae-inkomste Afro-Amerikaanse vroue wat hulle kleinkinders grootmaak (Sands & Goldberg-Glen, 2000:98). Meer onlangse studies in Amerika het egter bevind dat die toenemende profiel van grootouers wat hulle kleinkinders grootmaak verander het na blanke, middelklas vroue (Edwards, 1998:174; Roe & Minkler, 1998:25; Stern, 2009:9; Whitley *et al.*, 2001:105).

In Suid-Afrika kom die verskynsel van grootouers wat hulle kleinkinders grootmaak algemeen voor onder nie-blanke Suid-Afrikaners wat in die platteland bly. MIV/vigs en die dood van ouers word gelys as die algemeenste redes hiervoor (Van Rensburg, 2006:3-4). Die navorser kon egter geen literatuur opspoor oor grootouers wat die primêre versorgers van hulle kleinkinders, in die blanke gemeenskappe van Suid-Afrika is nie.

Hierdie hoofstuk het ten doel om 'n omvattende literatuuroorsig te gee ten opsigte van die oorsake en gevolge van die verskynsel van grootouers wat optree as die primêre versorgers van hulle kleinkinders ten einde 'n agtergrond te gee vir die rolervaring van grootouers wat na hulle kleinkinders omsien. Die rolervaring van die grootouers word omskryf deur gebruik te maak van die kosepte van die rolterrie soos geïdentifiseer deur Landry-Meyer en Newman.

2.2 REDES WAT BYDRA TOT GROOTOUERS AS DIE PRIMÊRE VERSORGERS VAN HULLE KLEINKINDERS

Die redes waarom grootouers na hulle kleinkinders omsien is uiteenlopend en dikwels die gevolg van ouers wat nie oor die vermoë beskik om sosiale, ekonomiese en emosionele druk ten opsigte van ouerskap te hanteer nie (Stern, 2009:11).

Volgens Kropf en Wilks (2003:177) is dit egter duidelik dat die redes vir grootouers wat as primêre versorgers van hulle kleinkinders optree 'n komplekse aangeleentheid is.

Bachman en Chase-Landsdale (2005:475) is van mening dat die verskynsel van grootouers wat die rol van primêre versorger van hulle kleinkinders vervul, meer algemeen in lae-inkomste gemeenskappe voorkom. Volgens Dolbin-MacNab (2006:564) neem grootouers gewoonlik die rol van ouers oor as gevolg van probleme wat geassosieer word met die ouers van hulle kleinkinders. Dit sluit in dood van die ouers, onbekwaamheid van die ouers as gevolg van probleme soos dwelmmisbruik deur ouers, mishandeling en verwaarlosing van kleinkinders deur hulle ouers, ouers wat moet tronkstraf uitdien, en gesondheidsprobleme soos MIV/vigs, geestes versteurings en egskeiding (Cox, 2003:127; Dolbin-MacNab, 2006:564; Edwards, 1998:173; Stern, 2009:11). Die faktore word vervolgens kortliks bespreek:

2.2.1 Dood van die biologiese ouers

Die dood van ouers word nie as die algemeenste rede beskou waarom grootouers na hulle kleinkinders omsien nie. Volgens Backhouse (2009:36) kan die dood van die ouers in die meeste gevalle toegeskryf word aan oordosering van dwelms, gesinsgeweld en MIV/ vigs (Backhouse, 2009:36). In 'n studie wat gedoen is in die nie-blanke gemeenskap van Utrecht in Kwazulu-Natal is die afsterwe van ouers by 50% van die gevalle aangedui as die rede vir die verskynsel en ouers wat hulle kinders net agtergelaat het, is slegs in 13% van die gevalle aangedui as rede (Lunga, 2009:68).

2.2.2 Dwelmmisbruik

Die kokaïne epidemie van die 1980's word gelys as een van die grootste faktore wat 'n invloed gehad het op die toename in die verskynsel van grootouers wat as primêre versorgers van hulle kleinkinders optree op 'n nasionale en internasionale vlak. Statistiek in Amerika het dit ondermeer uitgelig dat 15% van alle vroue tussen die ouderdom van 15-44 dwelmmisbruik en dat meer as 40% van die vroue kinders het wat by hulle woon (Roe & Minkler, 1998:26; Stern, 2009:11). In Suid-Afrika lyk die prentjie nie veel beter nie. Volgens die *Central Drugs Authority* (CDA) se jaarverslag

vir 2007/2008 is dwelmmisbruik 'n groot probleem, gesien in die lig van die feit dat die Suid-Afrikaanse dwelmmisbruik in sommige gevalle dubbel so veel is as die norm in die res van die wêreld. Dwelmmisbruik kan aanleiding gee tot die verwaarlosing van kinders en die dood van die ouers. Die owerhede kan kinders by ouers verwyder wat dwelmmisbruik of die grootouers wat sien wat die invloed van die misbruik op hulle kleinkinders is, neem self die kleinkinders in hulle eie sorg (Backhouse, 2009: 91).

2.2.3 Egskeiding, tienerswangerskappe en die vinnige groei in enkelouer huishoudings

In Suid-Afrika was daar in 2010, 22 936 egskeiding en in 54,4% van die gevalle was daar kinders onder die ouderdom van 18 jaar in die gesinne (Statistics South Africa, 2005). Egskeiding gee aanleiding daartoe dat enkelouers met hulle kinders by hulle eie ouers intrek en kort voor lank alle verantwoordelikheid van hulle kinders oorplaas op hulle eie ouers (Stern, 2009:7). In 2003 was die persentasie van tienerswangerskappe van tieners tussen die ouderdom van 15-19 jaar in die land 11.9% (Berry & Hall, 2010:1). Tienerma's besef baie keer nie watter groot verantwoordelikheid dit is om 'n ma te wees nie en wanneer die druk te veel raak verdwyn hulle en laat dan die verantwoordelikheid van die versorging van hulle babas vir hulle ouers om te behartig (Backhouse, 2009:98).

2.2.4 MIV/vigs

'n Skatting in 2009 was dat daar 16.6 miljoen weeskinders wêreldwyd is as gevolg van MIV en vigs (Avert International HIV& Aids Charity, 2009b). Volgens die beraming is 1.9 miljoen van die vigswesies woonagtig in Suid-Afrika (Avert International HIV & Aids Charity, 2009a). MIV/vigs is 'n realiteit in enige samelewing en word nie beperk deur ras of sosio-ekonomiese klas nie. Daar is dus ook blanke kinders in Suid-Afrika wat wees gelaat word as gevolg van die impak van MIV en vigs en van die kinders kan deur hulle grootouers versorg word (Nelson Mandela Foundation, 2005).

2.2.5 Ouers wat tronkstraf uitdien

In Amerika het 2.3% van kinders onder die ouderdom van 18 jaar ten minste een ouer in die tronk (Bureau of Justice Statistics, 2008). Backhouse (2009:95) dui dit

ook aan as 'n rede waarom grootouers die versorgingsrol van hulle kleinkinders moet oorneem, en noem verder dat die meerderheid ouers vir dwelmverwante aangeleenthede in die gevangenis is. Die navorser kon egter ten opsigte hiervan geen statistiek vind vir die voorkoms van ouers wat tronkstraf uitdien in Suid-Afrika nie.

Die redes soos hier deurgegee is oorsake van grootouers wat die primêre versorgingsrol van hulle kleinkinders oorneem. Die oorneem van die rol het egter gevolge vir beide die grootouer en kleinkind. Van die gevolge word in punt 2.3 bespreek.

2.3 DIE GEVOLGE VAN GROOTOUERS AS PRIMÊRE VERSORGERS

Backhouse (2009:100) het bevind dat grootouers wat die primêre versorgingsrol van hulle kleinkinders oorneem gebuk gaan onder finansiële probleme, sosiale isolasie, leefstylveranderinge en sukkel met aangeleenthede rondom ouerskap. Konflik word soms ervaar aangesien grootouers moontlik ander rolle vir hulself gesien het wat nou nie moontlik is nie omdat hulle weer die primêre versorgingsrol van hulle kleinkinders moet opneem (Stern, 2009:6).

Die verhouding tussen grootouers en hulle eie kinders word ook geraak deur die rolopneming van grootouers as primêre versorgers aangesien die ouerskaprol weggeneem word by die ouers en oorgeneem word deur die grootouers (Backhouse, 2009:121; Dolbin-MacNab, 2006:564,565). Dunne en Kettler (2007:342) meld juis dat grootouers hulle verhouding met hulle kleinkinders se ouers lys as die grootste bron van spanning wat hulle ervaar.

Kleinkinders se sosiale, emosionele en gedragsprobleme sowel as die finansiële las wat die nuwe verantwoordelikheid bring, verhoog ook die spanning wat grootouers ervaar. Bo en behalwe die stressors poog grootouers ook om hulle kleinkinders te help met die hantering van die trauma en mishandeling waarvoor hulle self nie toegerus is nie of waardeur hulle self nog getraumatiseerd is (Dunne & Kettler,

2007:334). Grootouers kan onbevoeg voel om dit alles te hanteer as gevolg van hulle tekort aan kennis oor kinderontwikkeling (Dolbin-MacNab, 2006:564,564).

Vyf en dertig persent van die grootouers in Dolbin-MacNab (2006:571) se studie het ook gesê dat die verandering in die huidige sosiale omgewing dit vir hulle moeiliker maak om hulle kleinkinders groot te maak in vergelyking met hulle eie kinders. Volgens Stern (2009:6) kies grootouers nie om die voltydse versorgingsrol van hulle kleinkinders oor te neem nie. Wanneer omstandighede rondom die versorging van hulle kleinkinders moeilik raak is hulle gewoonlik die persone wat na vore tree om te help ongeag hulle eie finansiële posisie en die ander genoemde implikasies wat deel word van die besluit (Stern, 2009:7).

Grootouers wat die primêre verantwoordelikheid van hulle kleinkinders oorneem ervaar 'n onderbreking in hulle normale lewenssiklus en word gekonfronteer met 'n ander rol as wat hulle verwagting was vir die tyd in hulle lewe (Waldrop & Weber, 2001:462). Die grootouer-kleinkind rol word gesien as 'n spesiale verhouding met karaktereienskappe wat verskil van enige ander familie of sosiale verhouding. Die rol van grootouer word tradisioneel gesien as die rol wat plesier in plaas van verantwoordelikheid insluit. Verder het grootouers kontak met hulle kleinkinders wanneer dit hulle pas sonder enige ouerskap verantwoordelikhede (Stern, 2009:5).

Die rolervaring van die grootouers wat die primêre versorgingsrol ten opsigte van hulle kleinkinders oorneem word deur Landry-Meyer en Newman (2004:1006) bespreek aan die hand van die volgende drie aspekte naamlik: die tydsberekening van die rol, die dubbelsinnigheid van die rol en die rolkonflik. 'n Persoon se sosiale rol is die konneksie tussen die individu en die samelewing (Landry-Meyer, 1999:381). By grootouers wat die primêre versorgingsrol oorneem ten opsigte van hulle kleinkinders raak die sosiale rol en ontwikkelingstaak los gemaak van kronologiese ouderdom. Die rolteorie dra by tot insig in die kompleksiteit van die rol van grootouers wat die primêre versorgings rol van hulle kleinkinders oorneem (Landry-Meyer, 1999:381).

Cox (2003:129) verdeel die probleme wat ervaar word deur die grootouers wat die rol van primêre versorger van hulle kleinkinders oorneem in drie kategorieë naamlik: lewensoorgang (*life transitions*), omgewingsdruk (*environmental pressures*) en

wanaangepaste persoonlike reaksies (*maladaptive interpersonal responses*). Die navorser is van mening dat hierdie drie kategorieë geïnkorporeer kan word by die drie aspekte van die rolteorie van Landry-Meyer en Newman (2004) en vervolgens vind 'n geïntegreerde bespreking hiervan plaas.

2.3.1 Die tydsberekening van die rol / Lewensoorgang

Landry-Meyer en Newman (2004:1020) het in hulle studie gevind dat grootouers wat hulle kleinkinders grootmaak ervaar dat die rol wat hulle nou vervul 'uit tyd' is of "*off-time*" is. Grootouers het uitgesien na aftrede en die "leë nes sindroom" en nou het hulle weer die verantwoordelikheid wat gepaardgaan met die grootmaak van kinders. Basiese ouerskapverantwoordelikhede maak ook nie deel uit van die ontwikkelingsfase van grootouers in enige teorie van ontwikkeling nie (Landry-Meyer & Newman, 2004:1007). Die moment wat 'n rol uitplek uit na vore kom soos grootouers wat nou weer moet kinders grootmaak, word die rol as uit tyd uit ervaar wat behels dat hulle persoonlike rol en die rol wat deur die samelewing aan hulle toegeskryf word al hoe meer uiteenlopend raak. Die rolverskuiwing wat ook rolonsekerheid veroorsaak is duidelik 'n groot aanpassing vir die grootouers. Voorts is dit ook 'n moeilike aanpassing veral as dit gepaard gaan met 'n krisis in die familie (Cox, 2003:129).

Grootouers kan ook skuldgevoelens ervaar teenoor hulle eie kinders en ervaar dat die gevoelens vererger omdat hulle nou in hulle eie ouerskapvermoëns twyfel, veral as die feit dat hulle nou hulle kleinkinders moet grootmaak 'n indikasie is van hulle kinders en hulle eie mislukking as ouers (Cox, 2003:129). In teenstelling hiermee het Landry-Meyer en Newman (2004:1021) bevind dat die grootouers nie inligting verlang oor hoe om ouers te wees nie, aangesien hulle al ouers was en hulle van mening is dat hulle huidige rol slegs 'n "*...recycling of an earlier parent role...*" is. Die grootouers het egter 'n groot behoefte aan inligting oor die moderne samelewing en hoe hulle basiese ouerskaptegnieke in 'n veranderde samelewing moet gebruik. Dit is baie belangrik dat grootouers in dié tyd ondersteun word deur verhoudings wat hulle emosioneel kan ondersteun, hulle verseker van hulleself en hulle aanmoedig in hulle huidige rol as primêre versorger (Cox, 2003:129). Die ondersteunende verhoudings kan vriende en familie insluit sowel as maatskaplike werkers, onderwysers en ander terapeute. Volgens Cox (2003:129) het baie grootouers geen

ondersteunende verhoudings nie en dra dit by tot verdere spanning vir die grootouers.

Die ouderdom waarop grootouers hierdie rol as primêre versorgers vir hulle kleinkinders opneem, speel egter 'n bepalende faktor in hoe grootouers die nuwe rol ervaar. Volgens Landry-Meyer en Newman (2004:1009) word kronologiese ouderdom geassosieer met persoonlike "tydmakers" wat weer geassosieer word met sosiale tydskonsepte. Persoonlike tydmakers bepaal wanneer dit die korrekte tyd is om 'n spesifieke rol te betree en wanneer om die volgende rol te betree regdeur 'n persoon se lewe. Jonger grootouers mag dus die oorgang na 'n 'ouerrol' makliker aanvaar as grootouers wat al bietjie ouer is.

2.3.2 Dubbelsinnigheid van die rol /Omgewingsdruk

Die onduidelikheid van 'n rol verwys na die tekort aan duidelike riglyne of sosiaal voorgeskrewe gedrag ten opsigte van 'n spesifieke rol (Landry-Meyer & Newman, 2004:1008). Die grootouer as primêre versorger se rol kan omskryf word as dubbelsinnig omdat daar geen eenstemmigheid bestaan oor die norme wat toegeskryf word aan die rol nie. Die rol word ook gesien as buite die norm van wat die gemeenskapsverwagting van die rol van grootouer is en kan dus beskryf word as "rol-loos" (*roleless*) (Landry-Meyer & Newman, 2004:1008).

In die Amerikaanse kultuur het grootouers en ander familieledede geen wetlike verantwoordelikheid om hulle kleinkinders te versorg nie en hulle het ook geen wetlike gesag om die versorging van hulle kleinkinders oor te neem tensy dit deur 'n hof aan hulle toegeskryf word nie (Cox, 2003:130; Landry-Meyer & Newman, 2004:1008). Dieselfde geld ook vir grootouers in Suid-Afrika (Borman, 2011). Amerikaanse statistiek wys egter daarop dat die meerderheid grootouers nie oor die wetlike gesag of outoriteit beskik om hulle kleinkinders te versorg nie en dat hulle die rol van primêre versorger uit liefde vir en ter wille van die familie oorneem (Bachman & Chase-Landsdale, 2005:476; Cox, 2003:130; Landry-Meyer & Newman, 2004:1008; Waldrop & Weber, 2001:462). Grootouers wat nie oor wetlike gesag beskik om as primêre versorger op te tree nie, ervaar probleme om hulle kleinkinders by skole in te skryf, hulle sukkel om hulle kleinkinders op hulle mediese fonds te registreer en hulle kwalifiseer ook nie om enige sosiale toelae te ontvang nie. Dit is

egter vereistes wat die samelewing aan grootouers stel, indien hulle die primêre versorgers van hulle kleinkinders is (Cox, 2003:129). Sonder wetlike gesag, kan die individu se interpretasie van die rol en die samelewing se siening van die verskynsel aanleiding gee tot 'n gevoel van dubbelsinnigheid by die grootouer. Die grootouer ervaar ook druk vanuit die samelewing om te voldoen aan 'n rol wat nie duidelik omskryf word nie (Cox,2003:129;Landry-Meyer & Newman, 2004:1008; Waldrop & Weber, 2001:462). Baie van die grootouers wil nie wetlike toesig oor hulle kleinkinders hê nie, ten eerste omdat hulle glo dit sal net konflik veroorsaak tussen hulle en hulle kinders en ten tweede omdat hulle glo dat hulle kinders iewers in die toekoms weer hulle ouerskapverantwoordelikhede sal opneem (Cox, 2003:130).

Gesien in die lig daarvan dat van die grootouers geen wetlike gesag het nie, bly die regte van die biologiese ouers belangriker as die van die grootouers. Dus, sonder 'n hofbevel wat die kinders in die wettige toesig plaas van hulle grootouers kan die ouers enige tyd hulle kinders terugneem (Cox, 2003:130). Dit beteken dat daar 'n groep grootouers is wat konstant onseker oor die toekoms van hulle kleinkinders is.

Die meeste van die kinders wat in die sorg van hulle grootouers geplaas word moet volgens Cox (2003:130) verhuis na 'n ander voorstad of dorp wat beteken hulle moet ook van skool verander. Om hulle kleinkinders ingeskryf te kry in 'n nuwe skool is vanuit 'n wetlike perspektief vir die grootouers moeilik. Verder het 'n groot persentasie van die kinders behoefte aan spesiale onderrig as gevolg van die omstandighede waaruit hulle kom, wat ook nie altyd beskikbaar is nie en wat ook baie duur kan wees (Cox, 2003:130). Dit is duidelik dat die grootouer-kleinkind gesinstruktuur nie altyd erken word as 'n aanvaarbare en "wettige" familiestruktuur nie en dra dit juis by tot die dubbelsinnigheid van die rol van die grootouers (Landry-Meyer & Newman, 2004:1009).

2.3.3 Rolle konflik / Wanaangepaste interpersoonlike reaksie

Volgens Dolbin-MacNab (2006:566) en Landry-Meyer en Newman (2004:1009) ontstaan rolkonflik vir grootouers, as die verwagtings van wat dit moet wees om 'n grootouer te wees verskil van die uitvoering van die rol van grootouer as primêre versorger. Rolkonflik ontwikkel ook uit die uitvoering van 'n onverwagte rol en die eksterne druk van die samelewing (Landry-Meyer & Newman, 2004:1009). Cox

(2003:130) en Harper en Ruicheva (2010:229) voer in die verband aan dat 'n wanaangepaste interpersoonlike reaksie kan ontstaan omdat grootouers sukkel met die nuwe verhoudings en uitdagings. Die meeste grootouers neem die rol as primêre versorger oor sonder enige voorbereiding en sukkel om aan te pas by dit wat van hulle verwag word aangesien hulle lewe radikaal verander en hulle selfs vasgevang kan voel in die nuwe rol (Backhouse & Graham, 2011: 6; Cox, 2003:130).

Die realiteit van ouer wees en nie 'n "tradisionele" grootouer nie dra volgens Backhouse en Graham (2011:6) en Landry-Meyer en Newman (2004:1009) veral by tot 'n gevoel van konflik wat in hartseer en skuldgevoelens uitgedruk word. Hartseer omdat hulle die grootouerrol verloor en skuldgevoelens teenoor hulle kleinkinders omdat hulle (die kleinkinders) nie ouers of grootouers het nie. Grootouers wat die ouerrol oorneem moet aanvaar dat hulle nou die persoon is wat dissipline moet toepas, die primêre versorger is en die outoriteitsfiguur in die ouer-kind-verhouding is. Die aanvaarding van die ouerrol gaan dus gepaard met die bewuswording van die feit dat hulle nie die tradisionele rol van grootouer kan vervul nie (Landry-Meyer & Newman, 2004:1009).

Indien grootouers uitgesien het na hulle rol as grootouer en reeds hierdie rol ervaar het, is die konflik tussen die grootouerrol en die rol van primêre versorger nog soveel groter (Backhouse & Graham, 2011:6; Dolbin-MacNab, 2006: 566; Landry-Meyer & Newman, 2004:1009). Grootouers ervaar ook 'n gevoel van verlies. Hulle ervaar verlies ten opsigte van al die volgende dinge in hulle lewe naamlik: die tradisionele grootouer rol, die verhouding met hulle eie kinders, ruimte en privaatheid. Hulle frustrasies ten opsigte van die herdefiniëring van grense en rolle, hulle skaamte oor hulle eie kinders se probleme en onvermoëns, woede, die feit dat hulle nou moet vra vir hulp ensovoorts dra ook by tot konflik in hulleself (Backhouse, 2009:57).

Dit is egter nie net 'n moeilike aanpassing vir die grootouers nie, maar ook vir die kleinkinders. Volgens Edwards (1998:173) en Smith en Hancock (2010:55) sukkel kinders wat deur hulle grootouers groot gemaak is met emosionele-, gedrag- en akademiese probleme. Navorsing het ook bevind dat kinders stadiums ervaar van protes, wanhoop en onttrekking in hulle reaksie op die verwydering van hulle ouers af (Poehlmann, 2003:155). Selfs in situasies waar die verskynsel gepaard gaan met

'n groter mate van stabiliteit en sekuriteit vir die kinders en 'n nuwe lewensdoel vir die grootouers word die families gekonfronteer met spesifieke uitdagings (Dolbin-MacNab, 2006:565; Roe & Minkler, 1998:26). Hierdie uitdagings hou volgens Backhouse (2009:44-49) en Price (2005:147) verband met aspekte soos finansiële spanning, behuising (grootouers en kinders moet soms verhuis), kinders voel skaam en ervaar 'n stigma omdat hulle nie by hulle biologiese ouers bly nie, grootouers moet nou moontlik vir die eerste keer in hulle lewe aansoek doen vir maatskaplike toelae en moet vra vir hulp, en in sommige gevalle word grootouers gekonfronteer met die realiteit dat hulle aansoek moet doen om die wettige voogskap oor hulle kleinkinders te bekom.

2.4 SAMEVATTING

Grootouers neem al hoe meer die verantwoordelikheid vir die grootmaak van hulle kleinkinders oor en dien as primêre versorger van hulle kleinkinders. Faktore wat aanleiding gee tot die toename in die verskynsel van grootouers wat die primêre versorging rol van hulle kleinkinders oorneem, sluit in dwelmmisbruik, egskeiding, tienswangerskappe, MIV/ vigs en selfs ouers wat tronkstraf moet uitdien. Die rolteorie is as geskikte teoretiese raamwerk bespreek wat veral fokus op die tydberekening wanneer die rol van grootouers as primêre versorgers opgeneem word, die dubbelsinnigheid van die rol en die rolkonflik wat grootouers ervaar is bespreek.

In die volgende hoofstuk omskryf die navorser die navorsingsprosedures en werkwyses wat gebruik in die studie is.

HOOFSTUK 3 – NAVORSINGSPROSEDURE EN WERKSWYSE

3.1 INLEIDING

In die hoofstuk word die navorsingsmetodes en prosedure wat in die uitvoering van die studie gebruik is, bespreek. Die volgende punte sal beskryf word naamlik, die navorsingsmetode en ontwerp, steekproefneming en die omskrywing van die populasie, data-insameling en die analisering van die data, die etiese prosedures wat gevolg is in die studie sowel as die vertrouenswaardigheid van die studie.

3.2 NAVORSINGSMETODE

Vir die doel van hierdie studie het die navorser van kwalitatiewe navorsing gebruik gemaak. Kwalitatiewe navorsing het 'n oop einde en is opsigself beskrywend (Durrheim, 2004:40; Gravetter & Forzana, 2009:158). Hiermee word bedoel dat kwalitatiewe navorsing ondersoekend van aard is en nie net poog om 'n akkurate beskrywing en verklaring te gee nie (Durrheim, 2004:40). Volgens Wiersma (in Hale, 2006:201) word kwalitatiewe navorsing deur die volgende perspektiewe omvorm naamlik:

- Daar word holisties gekyk na 'n fenomeen. Dit is dus nie moontlik om 'n komplekse fenomeen net in interafhanklike faktore te verdeel nie.
- Navorsers skuif hulle eie aannames en beperkinge van definisies of navorsing op sy en observeer 'n fenomeen in hulle "natuurlike" omstandighede. 'n Navorser se rol is dus om deur te gee dit wat hy/sy waarneem.
- Realiteit bestaan soos wat dit deur die deelnemer gesien word en die navorser moet daarom die realiteit deurgee soos gesien deur die oë van die deelnemer.
- Die navorser kom eers tot gevolgtrekkings na die voltooiing en afhandeling van 'n navorsingsprojek en maak geen gevolgtrekkings of afleidings alvorens die betrokke studie nie voltooi is nie.

Die tipe kwalitatiewe navorsing wat gebruik is, is verkennende navorsing. Die doel van verkennende navorsing is om 'n breë verstaan te kry van 'n situasie, fenomeen,

gemeenskap of persoon. Die behoefte aan die tipe navorsing ontstaan uit 'n tekort aan genoegsame inligting in 'n nuwe area van belangstelling (Bless *et al.*, 2008:47). Volgens Rofianto (2011) is die doel van verkennende navorsing om insig en 'n dieper verstaan te bied oor 'n fenomeen. Rofianto (2011) lys ook die volgende as karaktereenskappe van verkennende navorsing. Ten eerste word die inligting wat ingewin word, informeel gedefinieer en nie volgens 'n vasgestelde struktuur nie. Ten tweede is die navorsingsproses ongestruktureerd en buigbaar. Derdens is die steekproef redelik klein en vierdens word die data analise ook op 'n kwalitatiewe wyse gedoen.

3.2.1 Navorsingsontwerp

Ten einde te besluit op 'n navorsingsontwerp moet die navorser 'n reeks van besluite neem wat fokus op die volgende: 1) Die doel van die navorsing; 2) Die teoretiese paradigma wat die navorsing omskryf; 3) Die konteks of situasie waarin die navorsing uitgevoer word en 4) Die navorsingstegnieke wat gebruik is om die data intesamel en te analiseer (Durrheim, 2004:33).

Beskrywende fenomenologiese navorsing fokus op die betekenis van die ervaring soos beleef deur die deelnemer. Navorsing is dus beskrywend fenomenologies wanneer dit die leefwêreld van die deelnemer soos gesien deur die deelnemer self omskryf (Giorgi, 2012:6; Finlay, 2009:8; Lester, 1999:1). Hale (2006:207) ondersteun laasgenoemde deur op te merk dat “...*phenomenology seeks to understand a person's or persons' perspectives as he, she or they experience and understand an event, relationship, program, emotion,...*”. Finlay (2008:1) som die essensie van fenomenologiese navorsing aan die hand van Husserl se woorde soos volg op: “*return to the things themselves*” en “*things*” verwys na die wêreld van ervaring soos wat dit geleef word wat die sleutelkonsep en fokus van 'n beskrywende fenomenologiese ondersoek is.

Finlay (2009:8) wys verder daarop dat wanneer 'n navorser beskrywende fenomenologiese navorsing doen, die navorser 'n oop fenomenologiese ingesteldheid moet hê wat die navorser instaat stel om alle vooropgestelde idees so ver moontlik opsy te skuif en die fenomeen te ondersoek sonder enige waardeoordeel van die fenomeen. Volgens Greeff (2012) en Lester (1999:1) het

beskrywende fenomenologiese navorsing ten doel om 'n verskynsel te beskryf eerder as om dit te verklaar en begin dit by 'n perspektief vry van vooropgestelde idees.

3.2.2 Navorsingskonteks en deelnemers

Die navorsing het plaasgevind in 'n plattelandse dorp in die Vrystaat Provinsie van Suid-Afrika waar die grootouers wat na hulle kleinkinders omsien aan die toeneem is. Odendaalsrus grens aan Welkom en word omring deur goudmyne. Daar is twee Laerskole en een Hoërskool. Die meerderheid inwoners van die dorp is werksaam by die myne in en om die dorp. Die wisselvalligheid in die mynbedryf en selfs die toemaak van die myne het aanleiding gegee tot 'n toename in werkloosheid en gepaardgaande daarmee, armoede. Daar is byvoorbeeld 'n gebied in die dorp wat bekend staan as 7de Laan wat 'n blanke plakkerskamp is. Gesinne in hierdie omgewing funksioneer in ekstreme armoede. Dit is binne hierdie konteks waarin die navorsing plaasgevind het.

3.2.3 Populasie en steekproefneming

Die steekproef, met ander woorde die deelnemers aan die studie, is 'n kleiner gedeelte van die groter populasie wat ondersoek word en moet dus oor eienskappe beskik wat hulle verteenwoordigend maak van die populasie (Bless *et al.*, 2008:100). Die populasie vir die doel van die studie is grootouers in die blanke voorstedelike gemeenskap van Odendaalsrus wat die primêre versorgers van hulle kleinkinders is.

Die navorser het gebruik gemaak van 'n beskikbaarheidssteekproef wat volgens Bless *et al.* (2008:105) 'n tipe nie-waarskynlikheidssteekproefneming is. Bless *et al.* (2008:105) meld verder dat 'n beskikbaarheidssteekproefneming die navorser instaatstel om soveel gevalle as wat beskikbaar is by die steekproef in te sluit, totdat die steekproef 'n aanvaarbare grootte is. Vir die doel van hierdie studie het die navorser die beskikbare deelnemers wat aan die volgende kriteria vir insluiting voldoen het by die studie ingesluit:

- Blanke Engels- of Afrikaanssprekende grootouers;
- wat woonagtig is in die dorp Odendaalsrus;

- en wat die primêre versorgers van hulle kleinkinders onder die ouderdom van 18 jaar is
- en bereid is om vrywillig aan die studie deel te neem.

Die steekproef het bestaan uit tien blanke grootouers waarvan vier manlik en ses vroulik was, in totaal was dit verteenwoordigend van ses gesinne. Volgens Englander (2012:21) is dit voldoende om in kwalitatiewe fenomenologiese navorsing gebruik te maak van drie deelnemers. Die rede hiervoor is dat fenomenologiese navorsers slegs onderhoude voer met persone totdat hulle van mening is dat hulle weet wat hulle wil weet soos dit blyk uit die aanhaling van Kvale: *“Interview so many subject that you find out what you need to know”* (Englander 2012:20). Dit sou kon behels dat meer as drie deelnemers by ‘n studie betrek moet word ten einde data versadiging te bewerkstellig. Vir die doel van hierdie studie het die navorser van tien grootouers gebruik gemaak wat voldoende was om ‘n beskrywing te bied van die fenomeen wat ondersoek is.

Deelnemers vir die studie is op die volgende manier geïdentifiseer:

- Die predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het die navorser van name voorsien van grootouers wat bereid was om deel te wees van die studie.
- Die navorser het deur haar daaglikse doen en late kontak gemaak met grootouers in die dorp wat bereid was om deel te neem aan die studie.

Die deelnemers wat bereid was om aan die studie deel te neem is telefonies deur die navorser gekontak. Tydens hierdie oproep is die navorsing kortliks aan die deelnemers verduidelik en ‘n afspraak is met die deelnemer gemaak op ‘n datum en tyd wat vir beide partye gemaklik was om die onderhoud te voer.

’n Opsomming van die konteks van die deelnemers wat deel gevorm het van die studie word in Tabel 3.1 gegee.

	Ouderdom van deelnemer	Huwelik-status van deelnemer	Hoeveelheid kleinkinders in deelnemer se sorg en kinders se ouderdom	Hoe lank is kleinkinders al in die deelnemer se sorg	Rede vir plasing by deelnemer
Ouma 1	64 jr.	Weduwee	Kleinseun 11 Kleindogter 16	7 jr. 11 jr.	Ouers kon finansiële nie meer vir hulle kinders sorg en ouma en oupa het ingegryp.
Ouma 2 Oupa 2	50jr. 49jr	Getroud	Kleindogter 8 Kleindogter 11	6 jr. 11jr	Ouers wou nie verder vir hulle kinders sorg nie
Ouma 3	62jr	Weduwee	Kleinseun 10	8 jr.	Die ma het haar seun na ouma toe geneem om te gaan kuier en het nooit weer kans gesien om hom self verder te versorg nie
Ouma 4 Oupa 4	66 jr. 72 jr.	Getroud	Kleinseun 7 Kleindogter 9 Kleinseun 11	8 mnde.	Kinders kom nie met hulle stiefma oor die weg nie. Hulle het meer by hulle grootouers gebly as by die huis en het toe later permanent by die grootouers ingetrek.
Ouma 5 Oupa 5	48 jr. 48jr	Getroud	Kleinseun 6	6jr	Ma het weggeloop saam met 'n ander man. Die grootouers was van mening dat die omstandighede waarin die ma haar bevind het nie

					voordelig vir haar seun is nie en hulle het besluit om die versorging van hulle kleinseun oor te neem
Ouma 6 Oupa 6	45jr	Getroud	Kleinseun 3	6mnde	Pa het op die skepe gaan werk. Ma ingetrek by nuwe man en het nie plek vir 'n kind nie.

Tabel 3.1 Inligting oor deelnemers

3.2.3.1 Navorsingsprosedure wat met die deelnemers gevolg is.

Tabel 3.2 bied 'n omvattende beskrywing van die hoe elke deelnemer geïdentifiseer is, die presiese plek waar die onderhoude gevoer is, sowel as die tydsduur van die onderhoude.

	Hoe is deelnemers geïdentifiseer	Waar is die onderhoude gevoer	Tydsduur van die onderhoude
Ouma 1	Die naam van die deelnemer is deur die Predikant van die NG Kerk Odendaalsrus - Oos aan die navorser verskaf.	Die onderhoud is gevoer in 'n kantoor by 'n laerskool in Odendaalsrus	91 min 54 sek.
Ouma 2 Oupa 2 (Slegs die ouma was teenwoordig by die onderhoud)	Navorser se seun is bevriend met die kleindogter van hierdie deelnemers.	Die onderhoud is gevoer in 'n klaskamer by 'n laerskool in Odendaalsrus	33 min 52 sek.

Ouma 3	Navorser se seun is bevriend met die kleinseun van die deelnemer	Die onderhoud is in die studeerkamer by navorser se woning gevoer	48 min 16 sek.
Ouma 4 Oupa 4 (Beide ouma en oupa was teenwoordig met die onderhoud)	'n Kennis van die navorser het die name van die deelnemers aan die navorser verskaf.	Die onderhoud is in 'n kantoor by 'n laerskool in Odendaalsrus gevoer	48 min 47 sek.
Ouma 5 Oupa 5 (Beide die ouma en oupa was teenwoordig met die onderhoud)	Navorser se seun is bevriend met die kleinseun van die deelnemer	Die onderhoud is in die studeerkamer by navorser se woning gevoer	39 min 11 sek.
Ouma 6 Oupa 6 (Slegs die ouma was teenwoordig met die onderhoud)	'n Kennis het die deelnemer se naam aan die navorser verskaf.	Die onderhoud is by die deelnemer se woning gevoer.	35 min.

Tabel 3.2: Navorsingsprosedure wat met die deelnemers gevolg is

3.2.4 Data-insameling

In fenomenologiese studies is die navorser die primêre navorsingsinstrument vir die insameling en analisering van die data (Terre Blanche & Kelly, 2004:126). Die navorser het gebruik gemaak van ongestruktureerde onderhoude om data in te samel ten einde ruimte te laat vir die assessering van elke individuele situasie en die inwin van inligting wat die navorser voel relevant was. 'n Oop vraag is geformuleer waarna verhelderende vrae gevra is ten einde die navorser te help om spesifieke data in te samel, maar wat ook die ruimte laat vir nuwe inligting om aangespreek te word (Bless *et al.*, 2008:116):

- Beskryf u ervaring om as grootouer die primêre versorgingsrol van u kleinkind(ers) te vervul.

- Wat was u verwagtinge om 'n oupa en ouma wees?
- Hoe verskil hierdie verwagting van wat u tans beleef?
- Beskryf die ervaring in u primêre gesin en in verhouding tot die res van die gemeenskap.

Die kwaliteit van die data wat ingesamel word, is egter afhanklik van die vaardigheid van die navorser en die vertroue wat deur die navorser in die deelnemer geïnspireer word. Die tipe vrae wat gevra word en ondersteunende opmerkings wat die navorser op die regte tyd maak, dra by tot die vertroue wat die deelnemer in die proses het (Bless *et al.*, 2008:119). Luistervaardighede en interpretering van data is daarom vaardighede wat 'n kwalitatiewe navorser moet ontwikkel en beoefen ten einde goeie navorsing te kan doen en alhoewel dit vaardighede is wat op 'n daaglikse basis gebruik word, verg dit oefening en bemeestering ten einde dit as navorsingsinstrumente te kan gebruik (Terre Blanche & Kelly, 2004:127). Die navorser het daarom haar opleiding as berader gebruik om die tegniek van luister te oefen en te bemeester. Die navorser het met verloop van die studie ook bewus geword van die verskerping van die tegniek hoe meer onderhoude gevoer is.

Die navorser het tydens die onderhoude en insameling van data gebruik gemaak van "*bracketing*" ten einde te poog om nie haar eie voorveronderstellings deel te maak van die studie nie. Finlay (2008:2) beveel aan dat navorsers gebruik moet maak van "*bracketing*" om vorige aannames oor 'n fenomeen op die agtergrond te skuif. Finlay (2008:2) beskryf die proses van "*bracketing*" as 'n proses waar navorsers hulle denke van hoe hulle dink iets is, eenkant toe skuif en fokus op hoe dit deur die deelnemer ervaar word.

3.2.5 Data-analise

Volgens Seidel (1998:2) is kwalitatiewe data-analise 'n eenvoudige proses en bestaan dit uit drie dele. Die drie dele is "erkenning", "insameling" en "denke". Die drie dele is 'n deurlopende proses en vorm 'n sirkel van herhaling. Daar is ook 'n konstante heen en weer beweging tussen elke deel van die proses.

Vir die doel van hierdie studie is die onderhoude na afloop van elke onderhoud woord vir woord deur die navorser getranskribeer. Volgens Terre Blanche en Kelly (2004:131) is dit makliker om terug te verwys na die onderhoude indien dit op papier is. Dit is ook belangrik dat alle data getranskribeer word en die navorser nie tydens die transkriberingsproses probeer besluit wat belangrik is en wat nie en sodoende van mening is dat alles nie getranskribeer hoef te word nie. Die betekenis van dit wat gesê word in 'n onderhoud kan slegs geïnterpreteer word in die konteks van die sinne wat dit omvou in die gesprek as geheel (Terre Blanche & Kelly, 2004:132).

Na die transkribering van die onderhoude het die navorser deur die transkripsies gelees. Tydens die proses het die navorser temas sowel as subtemas geïdentifiseer. Die navorser het weer deur die transkripsies gewerk en data ter ondersteuning van die temas geïdentifiseer. Die transkripsies is ook aan 'n onafhanklike kodeerder gestuur wat dit bestudeer het en gekodeer het. Die navorser het weer deur die transkripsies gewerk en het die navorser se temas sowel as die eksterne kodeerdeerder se temas met mekaar geïntegreer. Hierna het die navorser twee hooftemas asook subtemas en kategorieë ter ondersteuning van die hooftemas geïdentifiseer.

Die hooftemas is soos volg geformuleer naamlik:

- Verskillende rolle as primêre versorgers en
- Primêre versorgingsrol stel eise op interpersoonlike vlak.

3.2.6 Etiese prosedures wat tydens die studie in ag geneem is

Etiek volgens Durrheim en Wassenaar (2004:65) behels dat die navorser op so 'n wyse optree, data insamel, data interpreteer en dit weergee dat die regte en welstand van die deelnemers beskerm word. Voordat die navorsingsproses vir die doel van hierdie studie begin is, het die navorser etiese goedkeuring by Noordwes-Universiteit verkry en die volgende etieknommer is aan hierdie studie toegeken naamlik NWU-00060-12-A1.

Durrheim en Wasserman (2004:66) dui outonomie, nie-kwaadwilligheid (*nonmaleficence*) en goedwilligheid (*beneficence*) aan as die drie riglyne van etiese

navorsing. Outonomieit verwys na die vrywillige deelname van deelnemers aan die studie. Nie-kwaadwilligheid beteken dat die navorser alle moontlike risikofaktore in ag neem ten einde die deelnemers teen enige emosionele of fisiese skade te beskerm. Goedwilligheid dui daarop dat die navorser die studie so ontwerp dat dit tot voordeel van die deelnemers of ten minste tot voordeel van die breër samelewing is. Die drie konsepte moet te alle tye ingedagte gehou word en is ook geïnkorporeer in die etiese aspekte soos wat vervolgens bespreek sal word.

Die volgende etiese aspekte is in die studie aangespreek:

- **Ingeligte toestemming**

Deelnemers het die reg om ingelig te word oor; die aard van die navorsing, hoe die navorsing hulle sal beïnvloed, of daar enige risiko aan die deelname aan die studie is; dat hulle 'n keuse het om deel te neem aan die studie al dan nie (die deelnemer kan ten enige tyd sonder enige nagevolge van die studie onttrek) en die doel van die navorsing moet ook duidelik aan deelnemers gekommunikeer word (Bless *et al.*, 2008:142-143; Brinkmann & Kvale, 2008:266). Die navorser het die doel van die navorsing aan grootouers verduidelik wat aangedui het dat hulle deel wil vorm van die studie en ook benadruk dat deelname vrywillig is en dat hulle enige tyd van die studie mag onttrek. Aspekte soos vertroulikheid en anonimiteit is ook verduidelik en hoe dit binne die konteks van die studie hanteer sal word. Na afloop hiervan is deelnemers gevra word om die toestemmingsvorm te teken (Sien Aanhangsel A).

- **Vertroulikheid en anonimiteit**

Die inligting wat deur die deelnemers aan die navorser verskaf word moet ten alle tye beskerm word en niemand buiten die navorser mag dit sien nie. Die data moet ook op 'n veilige plek bewaar word. Dit moet ook nie vir enige iemand moontlik wees om die deelnemers op enige wyse te identifiseer nie (Bless *et al.*, 2008:143 Brinkmann & Kvale, 2008:267). Die navorser het aan die deelnemers verduidelik dat die inligting wat deur hulle verskaf word, vertroulik hanteer sal word, soos uiteengesit in die toestemmingsvorm (sien Aanhangsel A). Die onderhoude met die deelnemers is met hulle

toestemming op video opgeneem en word op 'n veilige plek gestoor ('n kluis in die studeerkamer van die navorser) waartoe slegs die navorser toegang het. In hierdie dokument is die resultate op so wyse weergegee dat die deelnemers se anonimiteit beskerm word en dat hulle op geen wyse geïdentifiseer kan word nie.

- **Gepaste verwysing indien nodig**

Dit kan gebeur dat die emosionele sowel as die psigologiese welstand van die deelnemers in gedrang kan kom as gevolg van hulle deelname aan navorsing (Bless *et al.*, 2008:143). Aangesien hierdie 'n onderwerp was wat na die navorser se mening die potensiaal kon hê om bepaalde emosies na vore te bring, het die navorser 'n reëling met die volgende persone en instansie getref om deelnemers wat 'n behoefte sou hê vir verdere ondersteuning by te staan:

- Sosiaal maatskaplike dienste van die Kerklike Maatskaplike Dienste in Odendaalsrus;
- Suria Barnard (Maatskaplike werker in privaat praktyk);
- Die deelnemers se eie predikant of pastoor.

- **Beëindiging van deelname aan die studie**

Die deelnemers moet weet dat hulle te enige tyd van die studie kan onttrek sonder om enige redes daarvoor aan te bied. Hulle kan ook die navorser versoek om nie die inligting te gebruik wat hulle reeds verskaf het nie (Bless *et al.*, 2008:143-144). Bogenoemde is persoonlik deur die navorser aan elke deelnemer verduidelik en dit is ook duidelik uiteengesit in die toestemmingsvorm wat die deelnemers onderteken het. (Sien Aanhangsel A).

- **Navorsing met 'n kwesbare populasie**

Kinders, geestesversteurdes, gestremde persone, werklose persone of hawelose persone word gelys as kwesbare persone (Bless *et al.*, 2008:144). Indien die navorser gebruik maak van deelnemers uit bogenoemde groepe is dit uiters belangrik om te verseker dat hulle verstaan wat dit beteken om deel van die navorsing te vorm. Grootouers word nie as 'n kwesbare populasie gesien nie, maar die navorser het dit steeds as haar verantwoordelikheid

beskou om seker te maak dat die deelnemers verstaan wat dit behels om aan die studie deel te neem. Deelnemers is daarom toegelaat om vrae te vra indien enige aspek van die navorsingproses nie duidelik was nie en die onderhoud is eers afgeneem nadat die navorser seker was dat die betrokke deelnemer vrywillig deelneem en duidelikheid oor die doel van die studie het.

- **Kwaliteit van Navorsing**

Daar word van die navorser vereis om 'n projek van hoogstaande gehalte te ontwikkel en uit te voer (Bless *et al.*, 2008:145). Die navorser het met hierdie studie gepoog om die navorsingsproses op 'n eties verantwoordbare wyse te deurloop. Dit het ondermeer behels dat die data wat weergegee is, op so 'n wyse gedoen is dat dit die rolervarings van die deelnemers so getrou moontlik beskryf het. Die navorsing is ook onder leiding van 'n studieleier en mede studieleier verbonde aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) gedoen.

- **Terugvoering aan die deelnemers van die navorsing**

Deelnemers aan die navorsing het die reg om te weet wat die eindresultate van die studie is (Bless *et al.*, 2008:145). Na afloop van die studie sal daar aan die deelnemers terugvoer gegee word in groepsverband. Tydens die ontmoeting sal die navorser terugvoer gee oor die algemene bevindings van die studie ten einde geen deelnemer persoonlik te identifiseer nie en sal die navorser beskikbaar wees om enige moontlike vrae oor die studie te beantwoord. Die deelnemers het aan die navorser toestemming gegee om die terugvoer in groepsverband te doen, soos uiteengesit in die toestemmingsvorm (sien Aanhangsel A).

3.3 VERTROUENSWAARDIGHEID VAN DIE STUDIE

Die vertrouenswaardigheid van die studie word hieronder bespreek aan die hand van die vier kriteria vir vertrouenswaardigheid soos bespreek deur Guba (in Shenton, 2004:73).

- Die eerste criterium is **Geloofwaardigheid**. Geloofwaardigheid probeer vasstel hoe kongruent die bevindings met die werklikheid is (Shenton,

- 2004:64). Dus kan die vraag gevra word, of daar met die studie dit bereik is wat die navorser aanvanklik aangedui het met die studie bereik wil word. Die navorser het gepoog om die geloofwaardigheid van die studie te verseker deur by die kriteria vir die selektering van deelnemers te bly. Die fenomenologiese navorsingsontwerp dra ook by tot die geloofwaardigheid van die studie omdat die navorser se vooroordele opsy geskuif word en die deelnemer die geleentheid gebied word om sy/haar storie te vertel.
- Die tweede kriterium is **Oordraagbaarheid**. Oordraagbaarheid verwys na die mate waartoe die bevindings na ander situasies oorgedra kan word (Shenton, 2004:69). Deur die bevindings te onderskryf en te ondersteun met bestaande literatuur, dra volgens die navorser by tot die oordraagbaarheid van die data wat deur die navorser ingesamel en in die studie weergegee is. Deur 'n indiepte beskrywing te gee van die populasie en insluitingskriteria sowel as van die data wat ingesamel is te gee, dra ook by tot die oordraagbaarheid van die studie.
- Die derde kriterium is **Vertroubaarheid**. Vertroubaarheid kyk na hoe vertroubaar die studie is, dus indien die navorsing in dieselfde konteks deur middel van dieselfde metodes en met dieselfde deelnemers herhaal sal word, of dieselfde resultate verkry sal word (Shenton, 2004: 71). Dit het van die navorser vereis om nie net die stappe van die data-analise duidelik te omskryf nie, maar om dit ook vir die doel van die studie so toe te pas dat 'n indiepte analisering van alle data plaasgevind het. Daar is ook 'n volledige beskrywing gegee van die prosedures wat tydens die studie gevolg is. Die prosedures is ook deur die studieleier van die navorser oorsien en dra dit ook by tot die vertroubaarheid van die studie.
- Die vierde kriterium is **Bevestigbaarheid**. Bevestigbaarheid verwys na die objektiwiteit van die studie en vra vrae soos: Is die bevindings van die studie die idees van die deelnemers of is dit die voorkeure van die navorser? (Shenton, 2004:72). Die navorser het die bevestigbaarheid van die studie bewerkstellig deur gebruik te maak van die fenomenologiese navorsingsmetode. Die navorser het dus gepoog om die ervarings van die deelnemers soos hulle dit sien, sonder enige vooropgestelde idees van die navorser deur te gee. Die transkripsies is ook deur 'n onafhanklike kodeerder gelees en

gekodeer wat gedien het as ondersteuning tot die temas wat die navorser geïdentifiseer het.

3.4 SAMEVATTING

In die hoofstuk het die navorser 'n verduideliking gebied van die stappe wat gevolg is om die navorsingsprobleem te identifiseer en die navorsingsvraag te formuleer. Die navorser het ook verder 'n uiteensetting gegee van die navorsingsbenadering en ontwerp wat vir die studie gebruik is en hoe die navorser te werk gegaan het om die deelnemers te identifiseer en te kontak. Die proses van data insameling, verwerking van die rou data en die analisering van die data is ook bespreek.

In hoofstuk 4 bespreek die navorser die bevindings van die data wat ingesamel is.

HOOFSTUK 4 - BEVINDINGS

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die bevindinge wat aan die hand van relevante literatuur bespreek. Direkte aanhalings van deelnemers word gebruik om deelnemers se ervarings op 'n narratiewe wyse weer te gee. Data wat ingesamel is, is in temas, subtemas en kategorieë verdeel.

4.2 BESPREKING VAN DIE DATA VOLGENS TEMAS, SUBTEMAS EN KATEGORIEË

Die volgende hooftemas is gedurende die analisering van die getranskribeerde onderhoude geïdentifiseer:

- Hooftema 1: Verskillende rolle as primêre versorgers
- Hooftema 2: Primêre versorgingsrol stel eise op interpersoonlike vlak

Die navorser sal vervolgens elke hooftema, met gepaardgaande subtemas en kategorieë soos uiteengesit in tabel 4.1 en tabel 4.2 bespreek.

4.3 HOOFTEMA 1: VERSKILLENDE ROLLE AS PRIMÊRE VERSORGERS

HOOFTEMA 1	SUBTEMAS	KATEGORIEË
Verskillende rolle as primêre versorgers	- Finansiële versorgingsrol	= Mediese uitgawes = Skoolgelde = Basiese lewensmiddele
	- Bemiddelaarsrol	=Biologiese ouers =Skool

	- Dissiplineringsrol	
	-Tradisionele rol vs huidige rol	

Tabel 4.1: Verskillende rolle as primêre versorgers

4.3.1 Finansiële versorgingsrol

Deelnemers ervaar dat hulle 'n finansiële versorgingsrol bygekry het toe hulle die verantwoordelikheid van primêre versorgers van hulle kleinkinders oorgeneem het. Hierdie rol wat vanuit die data in drie kategorieë gedeel kan word, dra by tot baie spanning vir die deelnemers. Die drie kategorieë wat vervolgens bespreek word, behels die mediese uitgawes van die kleinkinders, skoolgelde en uitgawes ten opsigte van basiese lewensmiddele.

- Mediese uitgawes

Mediese uitgawes is vir die deelnemers 'n groot bron van bekommernis. Die mediese fondse in Suid-Afrika laat nie grootouers wat nie die wettige voogde van hulle kleinkinders is, toe om hulle kleinkinders as afhanklikes op hulle mediese fonds te registreer nie. In die verband stel 'n deelnemer dit soos volg:

“Ons wou hom op ons medies sit, dit is hoekom sy ma sy van terug gesit het op, want ons het gedink dan kan ons hom, op ons medies sit. Maar ons kon dit nie doen nie, hulle sê al wanneer ons hom op ons medies kan sit, is wanneer sy ma hom afteken.”

Die feit dat hulle nie hulle kleinkinders op hulle mediese fonds kan sit nie is deur nog 'n deelnemer as 'n frustrasie aangedui, en dit terwyl die kinders se biologiese pa ook nie 'n mediese fonds het nie. Dit bekommer hierdie deelnemer en in die verband meld sy: “G [die biologiese pa] het byvoorbeeld nie 'n medies nie en ons het, maar ons kan nie die kinders op ons medies sit nie, want ons is nie hulle wettige voogde nie.”

Een van die deelnemeregpare het daarin geslaag om 'n ooreenkoms met die biologiese pa van hulle kleinkind aan te gaan naamlik om sy kind op sy mediese fonds te sit al wil hy geen kontak met sy kind hê nie. Hierdie reëling dra by tot baie rustigheid vir hierdie deelnemers en die deelnemers merk die volgende hieroor op:

“Nou dis hoekom ons sy pa toe gevra het om hom op sy medies te sit en dit is al wat sy pa ook betaal. En dit help baie. Ten minste weet jy as hy moet hospitaal toe gaan, daar is darem 'n mediese fonds.”

Die feit dat grootouers wat as primêre versorgers van hulle kleinkinders optree, nie die kleinkinders op hulle mediese fonds kan plaas nie, blyk wêreldwyd 'n probleem te wees. In 'n studie wat gedoen is deur Sands en Goldberg-Glen (2000:99) oor die faktore wat geassosieer word met spanning is hierdie juis as een van die faktore aangedui wat spanning by grootouers veroorsaak. In laasgenoemde studie is ondermeer bevind dat in gevalle waar mediese fondsskemas wel mediese sorg verskaf, “*grandparent-headed households*” of uitgesluit word of dat hulle laer voordele ontvang as biologiese ouers van kinders. Hierdie is veral ook in Australië die geval waar grootouers sukkel om hulle kleinkinders op hulle mediese fonds te plaas indien hulle nie die wettige voog van die kleinkinders is nie (Backhouse, 2009:45).

- Skool

Skoolfonds en uitgawes ten opsigte van skoolaktiwiteite plaas ook 'n finansiële las op die grootouers. Die maandelikse skoolfonds by die twee skole in Odendaalsrus beloop tussen R330.00 en R350.00 per kind per maand en hierdie bedrag sluit nie enige buitemuurse aktiwiteite in nie.

In sommige gevalle moes een of beide van die deelnemeregpare weer gaan werk het of kon hulle nie aftree toe hulle beplan het om dit te doen nie. Die redes hiervoor was omdat die inkomste uit 'n pensioen alleen nie voldoende is om vir die kinders se skoolgelde, klere en buitemuurse aktiwiteite te betaal nie. Een van die deelnemers wat nog werk, het hulle huidige situasie as volg opgesom:

“Kom dat ek eerlik wees, ons kry nie swaar nie. Ons het elke dag iets om te eet. Die ding is net daar is klein goedjies soos kyk wat kos skoolklere en die kinders wil dieselfde hê as ander kinders. Byvoorbeeld J soek nuwe atletiek-

klere omdat sy hardloop en hulle dink ouma-hulle is snaaks as hulle dit nie wil koop nie en dink nie daaraan dat ouma-hulle regtig nie geld het nie.”

Een deelnemer het kwyt skelding ontvang vir die betaling van skoolfonds omdat die kleinkind se pa oorlede is, en alhoewel die las minder is, bly die skoolaktiwiteite 'n groot las:

“Kyk ek betaal nie vir K skoolgeld vandat sy pa nie meer daar is nie. So dit help baie. Maar daai een dag toe ek vir Mnr U (die hoof) bel om 'n reëling te tref met K se atletiek, toe sê hy vir my : “ja lastige ouma”. Toe voel ek o berge val op my dit is nou die laaste wat ek nou nodig het. Want ek sukkel altyd so om K by die skool te kry. Ek bedoel ek sal nooit weer die vrymoedigheid hê om hom iets te vra nie ek belowe jou nooit. Ek sal eerder dat K ophou met sport.”

'n Ander deelnemer som haar ervaring op as:

“...die skoolfonds is min, maar ons het dit nie. Ek het al met Mnr P hieroor gepraat dan sê hy ons moet die pa kry om te betaal. En hy verstaan nie, dat ons nou al alles probeer het en dit steeds nie reg kry nie.”

Dit is duidelik dat die finansiële versorgingsrol met betrekking tot skoolverpligtinge vir die deelnemers veral 'n bron van voortdurende kommer is, aangesien dit iets is waarmee hulle byna elke dag gekonfronteer word. In 'n studie wat gedoen is deur Lunga (2009:71) onder nie-blankes in Suid-Afrika is daar bevind dat 12% van die kinders wat deur hulle grootouers versorg word nie skool gaan nie, omdat die grootouers nie oor die finansiële vermoë beskik om hulle skool toe te stuur nie. Die navorser is van mening dat hierdie 'n aspek is wat op regeringsvlak, en miskien spesifiek binne die Onderwysdepartement en die Departement van Gesondheid en Welsyn aangespreek behoort te word, aangesien grootouers, wat as die primêre versorgers van hulle kleinkinders optree, die regering en belastingbetalers jaarliks baie geld spaar.

- Basiese lewensmiddele

Kleinkinders het egter nie net 'n behoefte aan mediese sorg en skoolgelde nie, daar moet ook in hulle basiese behoeftes aan kos en klere voorsien word. Alhoewel

deelnemers die verwagting koester dat hulle kinders finansiëel sal bydra tot die versorging van hulle eie kinders, dra die deelnemers egter meestal die volle impak van die finansiële implikasies om vir hulle kleinkinders te sorg en komplementeer hulle die tekort van die ouers deur hulle pensioen te gebruik om aan die basiese behoeftes van kleinkinders te voldoen. Een van die deelnemers het in hierdie verband opgemerk:

“Ons kan deurkom, ons kan “oraait” lewe, maar ons kan nie ekstra goed doen nie. So T en J [die biologiese ouers] moes bydra vir die kinders. Want as ek net hulle kos vat, vat ek dit op R30 per dag dan is dit klaar R900 per kind [per maand]. En R600 vir skool dan is daar niks oor vir ander goed nie. En die kinders wil aan alles deelneem en daar is altyd ekstra goed wat betaal moet word. So daai geld haal ek nou uit my pensioen uit.”

Nog 'n deelnemer merk in die verband op: “Sy [die biologiese moeder] het Desember vir my so 'n bedraggie geld inbetaal”. Grobler (2011:13) het ook in sy studie onder kleurlinge in Groenheuwel bevind dat die grootouers voel dat die kinders oor die finansiële vermoë beskik om by te dra tot die versorging van hulle eie kinders, maar dat hulle dit steeds nie doen nie.

Van die enkellopende deelnemers voel dat hulle finansiëel swakker daaraan toe is as toe hulle eggenote nog geleef het. Een van die enkellopende deelnemers wat net 'n klein pensioen uit haar man se boedel ontvang en 'n haarsalon vanuit haar huis bedryf, beskryf haar situasie as volg:

“...my seun het my natuurlik finansiëel baie gehelp en my man ook toe hy nog geleef het, finansies was heeltemal anders as wat dit nou is...” en “... as dit nie vir die Salon was wat ek het nie, sou ek glad nie vir K kon sorg nie, dan sou hy kindershuis toe moes gaan.”

Hierdie deelnemer besef ook dat sy nooit sal kan aftree nie terwyl so nog vir haar kleinkind moet sorg nie.

Nog 'n enkellopende deelnemer is vir net meer as 'n jaar 'n weduwee en noem dat dit finansiëel baie beter met hulle gegaan het toe haar man nog gelewe het. Dit gaan finansiëel goed met haar, maar sy stel haar situasie ook as volg:

“...ek bedoel ek koop vir die kinders klere, ek het byvoorbeeld ’n Ackermans-rekening net om vir die kinders te kan klere koop. Ek doen dit graag, maar ek moet altyd myself agter toe skuif. Ek het ook my geld uit Oom P se boedel vasbelê so ek het dit nie ek kan nie net gee en gee nie”.

Met die gesinne waar daar getroude deelnemers is, blyk daar minder finansiële spanning te wees. In die verband merk een van die deelnemers die volgende op:

“Ons het darem nog nooit nodig gehad om vir die pa vir iets te vra nie. Sy oupa kan gelukkig dank die Vader vir hom sorg.”

Dit blyk dat alhoewel dit in ’n klein mate finansiële beter gaan met die getroude deelnemers as met die ongetroude deelnemers, dra finansies deur die bank, tot ’n mindere of meerdere mate by tot spanning in omtrent elke situasie waar grootouers die primêre versorger van hulle kleinkinders is. Cox (2003:127) is onder meer van mening dat in vergelyking met ander huishoudings, is huishoudings waar oumas hulle kleinkinders grootmaak, armer as gesinne waar dit nie die geval is nie.

Volgens Bachman en Chase-Landsdale (2005:478) plaas finansiële behoeftes groot druk op grootouers. Die situasie word vererger aangesien grootouers wat die primêre versorging van hulle kleinkinders oorneem nie outomaties geregtig is op finansiële bystand van enige aard nie, byvoorbeeld finansiële bystand van die staat af nie. Die konstante finansiële las gee ook aanleiding tot ’n gevoel van ‘leef op die rand van die afgrond’ (Waldrop & Weber, 2001:462). Beperkte finansies en die feit dat grootouers hulle pensioen of polisse moet gebruik om vir hulle kleinkinders te sorg gee verder ook aanleiding tot erge spanning (Dunne & Kettler, 2007:334).

Dit is egter opvallend dat ten spyte van die deelnemers aan hierdie studie se opofferings, is daar steeds ’n verskonende houding teenoor hul kinders se finansiële posisie en hulle beperkte bydrae om hulle eie kinders te versorg. Een van die deelnemers merk byvoorbeeld die volgende hieroor op: “... soos wat hy kan. Pappa kan nie soveel bydra nie. Alles kom maar, die meeste sal ek sê, 80% kom van ons kant af, en ja nou ja.”

Navorsing wat in Suid-Afrika gedoen is onder ander bevolkingsgroepe as blankes dui die finansiële las om in kleinkinders se basiese behoeftes te kan voorsien as een van die grootste redes tot spanning aan vir grootouers wat die finansiële versorgingsrol ten opsigte van hulle kleinkinders moet voorsien (Grobler, 2011:12; Lungu, 2009:81; Van Rensburg, 2006:75).

4.3.2 Bemiddelaarsrol

Grootouers probeer hulle kleinkinders beskerm teen enige verdere seer of trauma en neem dus die rol as bemiddelaar van hulle kleinkinders in. Nie net ten opsigte van hulle kleinkinders en die gemeenskap nie, maar grootliks tussen hulle kleinkinders en die biologiese ouers van die kinders.

- Biologiese ouers

Grootouers druk hulle rol uit as bemiddelaars tussen ouers en hulle kinders. In die verband meld Backhouse (2009:121) dat grootouers voel dat die probleme wat hulle ervaar met hulle eie kinders meer uitdagend is as om die primêre versorgers van hulle kleinkinders te wees.

Deelnemers in hierdie studie moedig graag die kontak tussen biologiese ouers en hulle kinders aan. Een van die deelnemers fasiliteer 'n proses van kontak tussen die ouers en hulle kinders deur byvoorbeeld 'n vaste afspraak te maak waarop die deelnemers en die kleinkind by die biologiese ouers gaan kuier of waar die biologiese ouers by hulle kuier. Die deelnemers noem ook dat hulle, hulle kleinkind sal motiveer om alleen by sy ma te gaan kuier sodra hy ouer is en verstaan hoe ver sy ma van Odendaalsrus af woon. 'n Ander getroude deelnemer paar meld dat hulle kleinkinders gereeld kontak met hulle biologiese pa het en dat "... hy probeer elke aand na werk by ons stop en die kinders eers groet voor hy huis toe gaan."

Nie alle kontak wat aangemoedig word tussen die biologiese ouers en hulle kinders is altyd positief nie. Een van die deelnemers noem ondermeer hieroor die volgende: "Nee niks, hy sal dalk bel en dan praat hy byvoorbeeld net met J en nie met L nie en dan is dit 'n tranedal in die huis." Situasies soos hierdie veroorsaak baie spanning by die deelnemers aangesien hulle graag wil hê dat daar steeds 'n positiewe

verhouding tussen die biologiese ouers en hulle kinders moet wees, selfs al tree die deelnemers as die kinders se primêre versorgers op.

- Skool

Grootouers vervul ook 'n bemiddelaarsrol as dit kom by hulle kleinkinders se onderrig en spesifiek die kleinkinders se interaksie met die skool. Van die deelnemers ervaar dat die skoolhoofde en onderwysers probeer om hulle unieke situasie te verstaan. Soos een deelnemer dit stel: “..ons het nog nie met een skool 'n probleem gehad nie. Die hoofde se kantore staan altyd oop”. 'n Ander deelnemer merk verder op:

“Ek dink regtig die ondersteuning wat ons kry by die skool is baie goed. Juis vir die situasie waarin die kinders is. Ons waardeer dit baie wat die skool doen. Ek het nou verlede jaar baie nou saam met Juffrou M gewerk, want toe was E by haar.”

Nog 'n deelnemer ervaar haar kontak met die skoolpersoneel as positief en ervaar dat die skool oor die algemeen ruimte skep om hulle omstandighede te probeer verstaan. Volgens hierdie deelnemer dra hierdie verhouding met die skool daartoe by tot die positiewe houding van die onderwysers en hoof teenoor hulle kleinkind.

'n Ander deelnemer ervaar haar bemiddelaarsrol as nie altyd so maklik nie. Sy ervaar ondermeer dat die skool nie verstaan dat sy nie oor die vermoë beskik om haar kleinkind altyd by al die aktiwiteite uit te bring nie. Nog 'n deelnemer beskryf hulle verhouding met die skoolhoof as negatief en sê net summier: “Hy verstaan nie!”. Cox (2003:130) is van mening dat die gebrek aan hulpbronne vir grootouers in hierdie situasies toegeskryf kan word aan 'n tekort aan bewustheid oor die voorkoms van die verskynsel.

'n Ander aspek wat daartoe bydra dat grootouers soms op 'n gereelde basis kontak met die skool moet hê, hou verband met die feit dat kinders wat deur hulle grootouers grootgemaak word volgens Edwards (1998:173) geneig is om gedrags-, emosionele- en akademiese probleme te ervaar. Daar is ook bevind dat die kinders geneig is om swak kognitiewe-, lees- en wiskundige vaardighede te hê (Dunne & Kettler, 2008:334; Edwards, 1998:175). Een van die deelnemers, wie se kleinkind as

gevolg van agtergrondomstandighede “...eers begin praat [het] op 3”, het veral baie kontak met die skool en die betrokke onderwysers. Grootouers tree dus as bemiddelaar op vir hulle kleinkinders wat partykeer spesiale behoeftes het ten opsigte van onderrig, wat nie altyd deur skole raak gesien word nie.

4.3.3 Dissiplineringsrol

Dissiplineringsrol van kleinkinders is nie deel van die tradisionele rol van grootouers nie, maar sodra grootouers die versorgingsrol ten opsigte van hulle kleinkinders oorneem, behels dit dat hulle ook die dissiplineringsrol van hulle kleinkinders oorneem. Een deelnemer merk op dat alhoewel sy nog altyd deel was van die dissiplineringsrol van haar kleinkind voordat hy net by haar gelos is, was die verantwoordelikheid daarvan egter nooit net haar verantwoordelikheid nie. Deel van die tradisionele rol van grootouers, sluit die oordrag van norme en waardes van ’n spesifieke familie sisteem in, maar volgens Backhouse (2008:31-32) is dit nie die primêre verantwoordelikheid van die grootouer nie.

Deelnemers merk ondermeer op dat die dissiplineringsrol van hulle kleinkinders baie spanning veroorsaak. Die een deelnemer het buite vir die kleinkind wat by haar en haar man bly nog twee kleinkinders wat by hulle eie ma bly. Hierdie deelnemer merk op dat wanneer laasgenoemde twee kleinkinders vir hulle kom kuier tree sy en haar man heeltemal anders teenoor hulle op as teenoor die kleinkind wat by hulle woon en van wie hulle die primêre versorgers is. Die deelnemer merk die volgende hierop op:

“... met die ander tweetjies is, is ek heeltemal anders met hulle as wat ons met A kan wees. Want as A iets verkeerd doen moet ek en oupa raas, waar as B en C iets verkeerd doen sê ons niks want daar is ’n mamma en ’n pappa”.

Ten opsigte van dissiplineringsrol is deelnemers van mening dat hulle nie altyd so streng is soos wat hulle veronderstel is om te wees nie. Een deelnemer merk in verband hiermee op: “Jy probeer dieselfde handhaaf as wat ons toe gedoen het [met hulle eie kinders], maar dit is anders met kleinkinders as met jou eie kinders”. Hierdie aspek blyk duidelik bepaalde uitdagings aan grootouers te stel. In die studie deur Grobler (2011:10,20) was dit ook duidelik dat die kleurling grootouers in Groenheuwel die

dissiplineringsrol van hulle kleinkinders as baie moeilik ervaar en het hulle verder ook ervaar dat hulle kleinkinders glad nie na hulle luister nie.

Dolbin-MacNab (2006:564) meld dat grootouers wat die rol oorneem van primêre versorger van hulle kleinkinders, neem nie net bepaalde ouerskapuitdagings en dissiplineringsrol aan nie, maar ook stressors wat op verskillende vlakke van hulle funksionering impakteer. Een hiervan hou verband met kleinkinders wat soms met emosionele-, gedrag- sowel as fisiese probleme as gevolg van die omstandighede waaruit hulle verwyder is presenteer. Buiten vir hierdie stressors is daar ook nog addisionele stressors waarmee grootouers gekonfronteer word soos die finansiële las, beperkte kennis oor kinderontwikkeling en hedendaagse ouerskapstrategieë (Dolbin-MacNab, 2006:564; Stern, 2009:42).

Die deelnemers aan hierdie studie blyk min of meer dieselfde ervaring te hê as die deelnemers aan Dolbin-MacNab se studie. In 'n studie deur Dolbin-MacNab (2006:571) het 35% van die deelnemers die veranderde sosiale omgewing geïdentifiseer as die ding wat dit vir hulle die moeilikste maak om hulle kleinkinders op te voed. Volgens Dolbin-MacNab (2006:571) voel grootouers veral dat hulle nie oor genoegsame kennis beskik om kinders groot te maak in 'n moderne samelewing waar soveel goed verander het sedert grootouers hulle eie kinders grootgemaak het nie. In dié verband het deelnemers aan hierdie studie aangedui dat hulle 'n behoefte daaraan het om leiding te ontvang ten opsigte van hoe om kinders in 2012 groot te maak. Edwards (1998:177) het bevind dat grootouers juis 'n behoefte het aan addisionele ondersteuning en spesifieke intervensie strategieë byvoorbeeld ouerleidingklasse, ondersteuning deur onderwysers ensovoorts ten einde hulle in staat te stel om optimaal vir hulle kleinkinders te kan sorg.

Die deelnemers in die studie het ook aangedui dat hulle bereid sal wees om in te skakel by ondersteuningsgroepe om kontak te maak met grootouers in dieselfde situasie as hulle en om mekaar te kan ondersteun. Een deelnemer merk hieroor die volgende op: “Jy weet ek dink dit is 'n goeie ding, want weet jy, jy leer dalk nou net weer iets by iemand anderste, wat jy dalk heeltemal nooit eens aan gedink het nie, en 'n ander ou dalk weer by jou iets.” Ondersteuningsgroepe word deur Cox (2007:563) aanbeveel aangesien dit volgens hom 'n gevoel van sosiale isolasie

verlaag, dit kan met sosialisering help en sulke groepe kan ook gebruik word om grootouers in te lig oor ouerskapaangeleenthede. Dit kan grootouers help om hulle dissiplineringsrol te vergemaklik en die konflik te verminder.

4.3.4 Tradisionele rol vs huidige rol

Volgens Backhouse en Graham (2010:6) is daar vir grootouers 'n konstante beweging tussen die twee rolle naamlik die rol van grootouer en die rol van ouer. Dolbin-MacNab(2006:566) beskryf dit as die beweging tussen die rol van die goehartige grootouer en die streng ouer. Verder word daar van grootouers verwag om die kompleksiteit van die twee rolle elke dag te bestuur ten einde dit tot voordeel van hul kleinkinders te laat meewerk. Een van die deelnemers beaam dit as sy sê: "Ons is nou oupa en ouma sowel as ma en pa, ons is nou albei".

Oor die algemeen ervaar die deelnemers dat die rol wat hulle tans vervul radikaal verskil van die tradisionele rol van grootouer wees. Die deelnemers se verwagtings was almal dat hulle, hulle kleinkinders op 'n "kuier" basis sou sien. Soos Stern (2009:5) dit stel sluit die tradisionele rol van grootouers slegs die periodieke kontak met kleinkinders in sonder enige ouerskap- en dissiplinerings verantwoordelikhede. Binne die konteks van die tradisionele rol van grootouers behels sulke besoeke dat grootouers kan fokus op al die lekker dinge wat hulle met hulle kleinkinders wil doen en om hulle net te bederf.

Ten opsigte van die tradisionele rol van 'n grootouer merk een deelnemer op dat haar verwagting van hierdie rol die volgende behels het: "... om die kleinkinders te bederf, dit is mos hoekom 'n oupa en ouma daar is. En daai voorreg het ons nie gehad met hierdie drie kinders nie." 'n Ander deelnemer ondersteun die mening deur op te merk: " Weet jy, jy wil graag jou kleinkind bederf, verstaan jy. Jy wil nie na hulle kyk nie. Jy wil hulle "spoil", dit is wat jy wil doen." Deelnemers het voorts die verwagting gehad dat hulle eie kinders die primêre versorgers van hulle kinders sou wees.

Nog 'n deelnemer ervaar die rol waarin sy tans is as volg: " Dit het dinge bietjie heeltemal verander, omdat hulle daar kom bly het, kon jy nie meer gedoen het net dit wat jy wou nie", "Weet jy aan die begin was daar dinge wat ons gedoen het wat ons

onmiddelik moes stop doen omdat daar nou 'n baba in die huis was. Ons lewe het oornag verander". Vir een van die deelnemers is die rol wat sy tans moet vervul baie negatief en sê sy: " My ervaring nou is, dat ek dit nooit sou gedoen het as ek anders kon nie. As ek nie daarin gedwing was nie, want ek is gedwing daarin."

Een deelnemer het byvoorbeeld opgemerk dat iets eenvoudigs wat haar aanvanklik ontstel het toe haar kleinkinders by haar geplaas is, was die feit dat sy glad nie verstaan het waarvan haar kleinkinders gepraat het as hulle na hulle skoolvakke verwys het nie omdat die name sowel as inhoud daarvan soveel verander het. Een deelnemer se opmerking hieroor som waarskynlik die deelnemers se algemene gevoel hieroor soos volg op:

"... jy weet skoolwerk is nie vir die kinders belangrik nie. Hulle wil rekenaar speel en voor al hierdie "*games*" sit en niks doen. Daar is ook ander uitdagings by die skool en in die gemeenskap met dwelms en tv programme ensovoorts. Oeg dit is kwaai, en ja dit is 'n groot ding. Want jy weet hulle is nou in 'n ander generasie as wat jou eie kinders was, en dit maak my bekommerd, want hulle is so maklik vatbaar vir al hierdie invloede wat uit hierdie wêreld kom."; "Daar is goed waarvan jy nie weet nie, of die kinders vra vrae wat jy nou dink, maar ons het nie in ons tyd hieroor gepraat met kinders nie. Die uitdagings is anders."

Tradisioneel het grootouers die verwagting om 'n invloed te hê op die lewe van hulle kleinkinders, maar hulle koester nie 'n verwagting om die primêre versorger van hulle kleinkinders te wees nie. Backhouse en Graham (2010:6) het bevind dat die verlies aan die tradisionele grootouer rol, wat 'n gerespekteerde rol in die samelewing is, aanleiding gee tot gevoelens van teleurstelling en hartseer. Ten spyte van die feit dat die deelnemers positiewe gevoelens ervaar, omdat hulle daar kan wees vir hulle kleinkinders, ervaar hulle ook 'n gevoel van verlies ten opsigte van die tradisionele rol van grootouer wees.

4.4 HOOFTEMA 2: PRIMÊRE VERSORGINGSROL STEL EISE OP INTERPERSOONLIKE VLAK

HOOFTEMA 2	SUBTEMA	KATEGORIË
Primêre versorgingsrol stel eise op interpersoonlike vlak	- Interpersoonlike verhoudings	= Huweliksverhouding = Primêre gesin

Tabel 4.2: Primêre versorgingsrol stel eise op interpersoonlike vlak

4.4.1 Interpersoonlike verhoudings

Die rolveranderinge van grootouers as primêre versorgers vir hulle kleinkinders het implikasies vir grootouers se interpersoonlike verhoudings in hulle huwelike en op die primêre gesin van die grootouers.

- Huweliksverhouding

Van die ses “groepe” deelnemers wat aan die studie deelgeneem het, was vier grootouers getroud en twee deelnemers was weduwees en daarom enkellopend. Dunne en Kettler (2007:342) het in hulle studie bevind dat daar nie ’n noemenswaardige verskil was tussen die vlakke van stres, angs en depressie wat gemeet is by ongetroude deelnemers en getroude deelnemers wat aan ’n studie deelgeneem het oor die verband tussen die psigologiese gesondheid van grootouers, wat kleinkinders grootmaak en die kleinkinders se sosiale-, emosionele- en gedragsaangeleenthede nie.

Die twee deelnemers wat weduwees is, voel dat die verantwoordelikhede meer geraak het vandat hulle eggenote oorlede is. Een deelnemer stel dit so:

“Toe hy nou weg is, was dit vir my gewees ek moet nou aangaan daarmee en dit is moeilik partykeer. Jy weet hy is nou nie meer daar om hom te kan vra nie, wat moet ek hier doen? Hy was daar gewees om vir my raad te gee. Vir my is dit moeilik.”

Bogenoemde opmerking word ondersteun deur bevindinge van ’n studie deur Dolbin-MacNab (2006:571). In dié verband het een van die deelnemers, wat deel

gevorm het van Dolbin-MacNab se studie, opgemerk dat dit nou vir haar moeiliker is om haar kleinkinders groot te maak as toe sy haar eie kinders grootgemaak het. Volgens die deelnemer het haar man nog geleef toe sy haar eie kinders grootgemaak het en noudat sy haar kleinkinders grootmaak mis sy die ondersteuning en hulp wat sy van haar man ontvang het. Die deelnemer in Dolbin-MacNab se studie het ook opgemerk dat dit vir haar baie spanningsvol is om 'n enkel ouer te wees Dolbin-MacNab (2006:571).

In die verband merk deelnemers van hierdie studie wat steeds getroud is juis op dat hulle nie die situasie sou kon hanteer sonder die nodige ondersteuning van hulle lewensmaat nie. Vir hulle is dit 'n pakkie wat hulle saam kan dra en waarin hulle mekaar kan ondersteun en bystaan.

Dit wil voorkom asof deelnemers ook van mening is dat die teenwoordigheid van 'n grootouer van dieselfde geslag as die kleinkinders ook bydrae tot 'n groter mate van balans in die huishouding. Een van die deelnemer het hieroor die volgende opgemerk:

“...doen hy en oupa weer op ander maniere goed. Soos hulle gaan plaas toe, ry perd en voer die apies en partykeer klim hy en oupa net in die bakkie en gaan ry bietjie rond. Oupa speel ook saam met hom karretjies, oupa het 'n houtbord gekoop waarop oupa vir hom paaie geverf het ensovoorts.”

Alhoewel die teenwoordigheid van kleinkinders 'n invloed op die huweliksverhouding van die getroude deelnemers het, verskil die ervaring daarvan van geval tot geval. Een van die getroude deelnemerpere noem byvoorbeeld dat die feit dat hulle kleinkind permanent by hulle bly, geen invloed op hulle huwelik het nie. Hulle skryf dit toe aan die feit dat hulle nog jonk is en dat hulle nog altyd kinders in die huis gehad het. By navraag hoe die kleinkind, wat permanent in hulle sorg is, hulle huwelik beïnvloed het, was die deelnemer se antwoord:

“Nee, nie rêrig nie. Ek weet nie of 'n mens, omdat onself nog nie te ouerig is nie. Ons is maar self nog 48, weet jy hoe is dit mens, ons en C is maar dieselfde as soos met my eie kinders, so dit gaan basies maar net aan. Hy is nou amper soos 'n ou laatlammetjie.”

Een van die ander getroude deelnemerpere het ook aangedui dat die teenwoordigheid van kleinkinders nie regtig 'n invloed op hulle huwelik het nie en hulle som hulle ervaring hieroor soos volg op: “Ag jy kry mos maar die verskilletjies, soos 'n pa en ma ook. So af en toe as ouma te veel raas, sal ons vas sit.”

Vir die ander paar getroude deelnemers het die feit dat hulle kleinkinders permanent by hulle bly, 'n negatiewe invloed op hulle huwelik. Een deelnemer stel dit soos volg:

“ Ek is geneig om die kinders te gebruik as ek en my man 'n argument het, om nie daaroor te gesels nie, sal ek dan vir die kinders sê hulle moet by ons in die kamer kom slaap. Die kinders is mal daaroor om by ons in die kamer te slaap.”

Die deelnemer wat onlangs eers haar eggenoot verloor het en nou 'n weduwee is, voel dat die kleinkinders wel 'n negatiewe invloed op hulle huwelik gehad het. Volgens hierdie deelnemer het sy en haar man nooit kans gehad om alleen tyd saam te spandeer nie en die keer toe hulle wel vir die eerste keer alleen saam met mekaar was het hulle nie geweet wat om vir mekaar te sê nie.

Waldrop en Weber (2001:465) het ook in hulle studie bevind dat huweliksprobleme vererger het as grootouers die primêre versorging van hulle kleinkinders oorneem. In hulle studie was daar selfs twee egpare wat vir 'n tyd lank van mekaar geskei het omdat die spanning te veel geraak het om te kan hanteer.

- Primêre gesin

Die meerderheid deelnemers sê dat hulle familie hulle keuse om die rol van ouer ten opsigte van hulle kleinkinders oor te neem, respekteer. Oor die algemeen dui deelnemers aan dat hulle veral emosionele ondersteuning van die familie ontvang en soms ook finansiële ondersteuning. Twee van die deelnemers merk die volgende hieroor op: “... albei my dogters help my as ek sê dit gaan nou swaar, en selfs as ek nie vra nie.” en “... hy [deelnemer se ander seun] het groot simpatie met die feit dat ons die kinders by ons het. Hy ondersteun ons emosioneel.” Nog 'n deelnemer merk oor ondersteuning van familieleden die volgende op: “Almal sê hulle is bly ons doen dit en ons help die kind.” In 'n studie deur Lungu (2009:74) wat in Utrecht in KwaZulu-Natal onderneem is, is egter aangedui dat 63% van die deelnemers geen

ondersteuning van die primêre gesin ontvang nie. Ten opsigte van die huidige studie blyk die ondersteuning van die primêre gesin juis dit te wees wat die deelnemers van hierdie studie instaat stel om as die primêre versorgers van hulle kleinkinders op te tree.

Die ander kinders van die deelnemers, wat self vir hulle eie kinders se versorging verantwoordelik is, raak kwaad vir hulle broers en susters wat nie hulle verantwoordelikheid ten opsigte van hulle eie kinders nakom nie. Een deelnemer beskryf een van haar kinders se reaksie hieroor soos volg:

“T, my oudste seun, was kwaad aan die begin. Hy sê toe ek van sy pa geskei het, het ek self na my kinders gekyk ek het hulle nie vir iemand gevat om voor te sorg nie. So T het bietjie ’n probleem daarmee. Hy is jaloers.”

Deelnemers dui aan dat hulle geneig is om na hulle kinders te verwys as die “ma en pa” van hulle kleinkind en nie na hulle te verwys as hulle dogter of seun nie. Volgens Backhouse (2009:122) doen grootouers dit sodat hulle hulself van hulle eie kinders kan distansieer. Die redes hiervoor is ten eerste omdat hulle skuldig voel omdat hulle onverantwoordelike kinders grootgemaak het, ten tweede omdat hulle kinders hulle lewe as grootouers kom omverwerp het en laastens vrees hulle vir die mag wat hulle voel hulle kinders oor hulle het.

4.5 SAMEVATTING

Die rol van primêre versorger wat die grootouers vervul, is egter nie een dimensioneel nie en bestaan uit ’n samestelling van verskillende rolle. Dit was ook die deelnemers se ervaring dat hulle verskillende rolle vervul, naamlik ’n finansiële versorgingsrol, bemiddelaarsrol en dissiplineringsrol. Boonop is daar ook die rolkonflik wat voortvloei uit die interaksie tussen die tradisionele grootouer rol en die rol wat grootouers as primêre versorgers moet vervul.

Deelnemers ervaar ook dat die primêre versorgingsrol eise stel op ’n interpersoonlike vlak veral ten opsigte van hulle verhouding met hulle huweliksmaat

en hulle verhouding met hulle primêre gesin. Al die aspekte dra daartoe by dat die nuwe rol wat grootouers moet vervul van hulle baie aanpassings vra.

Vir van die deelnemers is die aanpassings minder radikaal as vir ander, maar daar is verseker 'n mate van aanpassing. Die daaglikse uitdagings wat die deelnemers moet oorkom verskil ook van die uitdagings wat gewone grootouers het. Van die kontak met hulle eie kinders, kontak met skole, kontak met kerke, finansies, hulle eie huwelik, hulle eie aftrede, alles is anders en moet op 'n unieke manier hanteer word.

Die deelnemers se rol as primêre versorgers van hulle kleinkinders het unieke behoeftes tot gevolg en kan die grootouers nie op hulle eie aan al die behoeftes voorsien nie. Daar is by hulle 'n behoefte aan persone wat hulle hande kan vat en aan hulle ondersteuning kan bied. Niemand (nie maatskaplike werkers, skoolhoofde, onderwysers, sielkundiges, beraders, terapeute) kan egter ondersteuning bied aan die grootouers in hierdie situasie indien hulle nie 'n bewustheid ontwikkel vir die unieke situasie en uitdagings waarvoor die grootouers te staan kom nie (Waldrop & Weber, 2001:471).

HOOFSTUK 5 – EVALUERING, GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING

In die hoofstuk kyk die navorser opsommend na die navorsingsprobleem en die navorsingsbevindinge. Die navorser sal ook die gevolgtrekkings waartoe daar gekom is in die studie aandui en bespreek. Daarna sal die navorser aanbevelings maak ten opsigte van die grootouers, professionele persone wat werk met die grootouers en kleinkinders en verdere navorsing wat kan voortvloei uit die studie.

5.2. GEVOLGTREKKINGS

Die rol van die grootouers wat die primêre versorgingsrol van hulle kleinkinders oorneem, is nie 'n eendimensionele verskynsel nie. Daar is die finansiële versorgingsrol, die dissiplineringsrol, bemiddelaarsrol sowel as die konflik tussen die tradisionele grootouer rol en die rol wat hulle tans vervul. Hierdie is die rolle wat deur die studie uitgelig is. Boonop stel die verskillende rolle ook eise aan elke grootouer ten opsigte van alle verhoudings in die grootouer se lewe.

Die finansiële versorgingsrol wat die grootouers oorneem, is baie groot. In die studie is daar gekyk na die mediese uitgawes, skooluitgawes sowel as uitgawes ten opsigte van basiese lewensmiddele. Baie van die grootouers moet aanhou werk, of kan nie aftree soos wat hulle beplan het nie, omdat die finansiële las wat hulle dra nou net te swaar is. Uit die studie blyk dit ook dat daar min finansiële bystand vir grootouers in die situasie is. Nie eens die biologiese ouers van die kinders dra behoorlik tot die daaglikse uitgawes van die kleinkinders by nie. Die gemeenskap waarin die deelnemers hulle bevind, gaan ook gebuk onder geweldige finansiële druk, met die goudmyne in die omgewing wat sukkel en selfs moet sluit. Die swak ekonomiese welstand van die gemeenskap vergroot ook die finansiële druk op die grootouers in die gemeenskap.

Grootouers tree ook op as bemiddelaar vir hulle kleinkinders om die verhouding tussen hulle kleinkinders en die biologiese ouers te fasiliteer en die gevolge van die

kontak te bestuur maar ook om hulle kleinkinders teen negatiewe kontak met hulle biologiese ouers te beskerm. Grootouers tree ook op as bemiddelaar vir hulle kleinkinders by die skool en onderhandel met die skool om beter begrip vir hulle spesifieke situasie en 'n meer toegeeflike houding ten opsigte van aangeleenthede soos skoolfonds en buitemuurse aktiwiteite te verkry.

Die dissiplineringsrol wat grootouers vervul, word as 'n uitdaging deur grootouers ervaar aangesien grootouers sukkel om die balans te kry ten opsigte van die vlak van dissiplinerings wat deur die situasie vereis word. Grootouers voel ook onseker oor die metodes van dissiplinerings wat gebruik moet word in 'n nuwe sosiale omgewing met ander uitdagings as toe hulle eie kinders klein was. Hulle het 'n duidelike behoefte aan owerleiding sowel as ondersteuning al is dit net om te hoor dat hulle darem op die regte pad is. Grootouers se dissiplineringsstyl gee dikwels aanleiding tot konflik tussen die tradisionele rol van grootouer wees en hulle nuwe rol as ouer van hulle kleinkinders.

Tradisioneel het grootouers die verwagting om 'n invloed te hê op die lewe van hulle kleinkinders, maar hulle koester nie 'n verwagting om die primêre versorger van hulle kleinkinders te wees nie. Ten spyte van die feit dat die deelnemers positiewe gevoelens ervaar, omdat hulle daar kan wees vir hulle kleinkinders, ervaar hulle ook 'n gevoel van verlies ten opsigte van die tradisionele rol van grootouer wees. Grootouers moet dus begelei en toegerus word ten einde die rolverwagtings wat aan hulle gestel word, meer bevredigend te kan vervul.

Die nuwe rolervarings van grootouers het ook 'n impak op al die interpersoonlike verhoudings in grootouers se lewe. Nie net op hulle huwelik nie, maar ook op hulle verhoudings met hulle ander kinders en kleinkinders. Die invloed op die huwelik en verhoudings in die primêre gesin van die grootouers is positief sowel as negatief.

Grootouers se besluit om hulle kleinkinders groot te maak, word grootliks deur hulle familie en vriende goedgekeur, veral die persone naby aan hulle wat die omstandighede rondom die situasie ken en verstaan. Grootouers ervaar egter dat die breë samelewing, nie eens bewus is van hulle situasie nie. Die wat wel daarvan bewus is, verstaan ook nie altyd die uniekheid van die situasie soos byvoorbeeld die skole wat min of geen ondersteuning vir die grootouers bied nie. Grootouers voel

ook dat die maatskaplike strukture in die samelewing, soos die maatskaplike werkers en kerke, geen ondersteuning aan hulle bied nie. Die grootouers wat deelgeneem het aan die studie het nie besef dat hulle deel vorm van 'n groter groep grootouers wat in die selfde situasie as hulle verkeer nie, hulle het gedink hulle is die uitsondering.

Dit is ook duidelik in die studie waargeneem dat die kleinkinders die verwydering uit hulle ouerhuise as traumaties ervaar, selfs al gaan die skuif na die grootouers gepaard met meer stabiliteit en sekuriteit. As gevolg van die omstandighede waaruit die kinders verwyder is, sowel as dit wat hulle aan blootgestel is voor hulle verwydering gee aanleiding tot gedrag-, sosiale- en akademiese probleme by die kleinkinders.

5.3 AANBEVELINGS

Die volgende aanbevelings word vir die doel en fokus van hierdie studie gemaak:

5.3.1 Aanbevelings ten opsigte van die grootouers

Grootouers moet besef dat hulle situasie nie uniek is nie en dat hulle deel vorm van 'n groter geheel van grootouers wat as die primêre versorgers van hulle kleinkinders optree. Ten einde aan die kleinkinders 'n gevoel te gee dat hulle aan 'n gesin behoort, is dit nodig dat grootouers sal besef dat hulle "gesin" 'n volwaardige gesinstruktuur, met spesiale behoeftes is. Deur ondersteuningsgroepe te begin vir grootouers waar hulle op 'n gereelde basis bymekaar kom en kontak het met ander grootouers in soortgelyke situasies kan hiermee help.

Grootouers het ook 'n verantwoordelikheid om die mense rondom hulle en die sosiale strukture waarbinne die kinders funksioneer, byvoorbeeld die skole en kerke, bewus te maak van hulle situasie. Grootouers kan byvoorbeeld die bewustheid rondom die verskynsel verhoog deur aktief betrokke te wees by skole en kerke wat hulle kleinkinders bywoon.

Dit bly ook die grootouer se verantwoordelikheid om te verseker dat die kleinkinders die noodsaaklike hulp en ondersteuning ontvang om die moontlike negatiewe

gevolge van die oorgang na die nuwe situasie te beperk. Grootouers moet dus sorg dat kleinkinders die nodige ondersteuning, berading en terapie ontvang wat nodig mag wees. Maatskaplike dienste wat in hulle omgewing beskikbaar is, moet byvoorbeeld soveel as moontlik benut word ten einde in die beste belang van die kleinkinders op te tree.

Grootouers het egter nie net 'n verantwoordelikheid om na die sosiale-, emosionele- en fisiese welstand van hulle kleinkinders om te sien nie, maar hulle het ook 'n verantwoordelikheid ten opsigte van hulle self. Grootouers moet bereid wees om ten opsigte hiervan aan te klopf vir hulp indien nodig. Wanneer die grootouers fisies, emosioneel en sosiaal "gesond" is, dra dit by tot 'n positiewe omgewing vir die kleinkinders. Die praktiese uitvoering hiervan kan as gevolg van finansiële oorwegings nie altyd uitgevoer word nie. Grootouers moet egter bewus wees van die dienste wat wel beskikbaar is en daarvan gebruik maak. Omdaarsus beskik byvoorbeeld oor 'n staatskliniek, wat deur bekwame personeel beman word en wat toeganklik is vir alle persone in die gemeenskap. Verder sou grootouers ook by die plaaslike maatskaplike kantoor vir hulp kon aanklopf of selfs by 'n predikant.

Die daarstelling van oerleidingsprogramme vir die grootouers, kan daartoe bydra dat grootouers beter toegerus voel vir die taak wat hulle opgelê is. Die rol wat grootouers as primêre versorger van hulle kleinkinders ervaar, sal altyd uitdagings hê, maar grootouers kan deur toerustingseleenthede bemaagtig word om hierdie uitdagings konstruktief te hanteer.

5.3.2 Aanbevelings ten opsigte van professionele persone wat met grootouers en kleinkinders werk

Dit is belangrik dat professionele persone die verskynsel van grootouers, wat as die primêre versorgers van hulle kleinkinders optree, as 'n alternatiewe gesinsvorm sal hanteer wat 'n deel uitmaak van die samelewing en wat nie verander of vermy kan word nie.

Gesinne waar grootouers die primêre versorger van hulle kleinkinders is, is gesinne met spesifieke behoeftes waarvan professionele persone bewus moet wees. Die ondersteuning wat die grootouers dus benodig is net so uniek soos hulle situasie.

Hierdie ondersteuning behels nie net finansiële ondersteuning nie, maar ook ondersteuning ten opsigte van kinderleiding, aanvaarding van die situasie, sosiale integrasie, ensovoorts.

Professionele persone moet grootouers bystaan en toerus om die oorgang van tradisionele grootouer na die van 'n ouer so maklik as moontlik te maak. Professionele persone kan dit doen deur die bewustheid by grootouers te vergroot ten opsigte van die moontlike konflik wat hulle mag ervaar en hoe hulle hierdie verandering van die tradisionele rol na die huidige rol van grootouer wees makliker kan hanteer ten einde die oorgangsproses te vergemaklik.

Professionele persone wat kontak het met grootouers in hierdie posisie het ook die verantwoordelikheid om grootouers in te lig rondom hulle regte en enige wetlike vereistes wat met hierdie rol wat hulle beklee gepaardgaan. Professionele persone soos maatskaplike werkers en beraders of sielkundiges kan ook optree as middelman tussen grootouers en sosiale strukture soos die skool en kerke ten einde die strukture van die verskynsel bewus te maak.

5.3.3 Aanbevelings in die breë

Mediese fondse sal moet ingelig word, oor die toename in grootouers as ouers gesinstruktuur. Mediese fondse sal ook moet besef dat dit 'n mark is wat 'n behoefte het aan 'n mediese fonds, maar waarvoor daar tans geen voorsiening gemaak word nie. Mediese fondse sal bewus gemaak moet word van die behoefte ten einde dit daadwerklik te kan aanspreek.

Skole moet ook ruimte bied vir alternatiewe gesinstrukture. Grootouers wat die primêre versorgers van hulle kleinkinders is, vorm deel van die skoolsisteem, hulle behoeftes is egter uniek en moet deur die skoolsisteem in hulle beplanning in ag geneem word.

Mediese fondse sowel as skole, mag dalk nou voel dat die verskynsel van grootouers, wat as primêre versorgers van hulle kleinkinders optree, nog die uitsondering eerder as die reël is, maar die verskynsel is egter aan die toeneem en

kan instansies onverhoeds betrap as daar nie daadwerklik daaraan aandag gegee word nie.

Die navorser is van mening dat die breër samelewing grootouers wat optree as die primêre versorger van hulle kleinkinders sal moet inkorporeer in hulle denke oor gesinne. Grootouers wat hulle kleinkinders grootmaak sal gesien moet word as 'n alternatiewe manier van gesin wees. Hierdie verskynsel (grootouers wat kleinkinders grootmaak) is werklike gesinne, maar wel werklike gesinne met spesiale behoeftes of anders gestel behoeftes wat verskil van ander gesinstrukture.

5.3.4 Aanbevelings ten opsigte van verdere navorsing

Vanuit die data wat na vore gekom het wil die navorser die volgende aanbevelings maak ten opsigte van verdere navorsing:

Die navorser is van mening dat dit noodsaaklik is om verdere navorsing te doen oor die moontlike oorsake wat daartoe aanleiding gee dat biologiese kinders so geredelik hulle verantwoordelikhede en verpligtinge as die primêre versorgers van hulle kinders op hulle ouers (die grootouers van die kinders) plaas.

Die navorser wil ook aanbeveel dat kleinkinders wat in die sorg van hulle grootouers is se ervaring verken moet word ten einde 'n stem aan hierdie kinders te gee en om tot 'n nog groter verstaan van die verskynsel te kom. Verdere navorsing kan ook gedoen word ten opsigte van wat die moontlike invloed wat die verskynsel op die emosionele-, fisieke- en geestelike ontwikkeling van 'n kind het.

Verdere navorsing oor hoe die gemeenskap die verskynsel van grootouers wat die primêre versorgingsrol van hulle kleinkinders oorneem ervaar, is ook belangrik want daardeur kan 'n bepaalde bewustheid geskep word van die voorkoms van die verskynsel asook watter ondersteuning die skole, kerke, maatskaplike dienste ensovoorts aan die grootouers en kleinkinders kan bied.

5.4 BEPERKINGS VAN DIE NAVORSING

Vir die navorser is die grootste beperking van die navorsing die feit dat die navorsing beperk was tot die dorp van Odendaalsrus in die Vrystaat. Verder het die navorsing slegs gefokus op die ervaring van die grootouers en glad nie op die ervaring van die kleinkinders of die ervaring van die gemeenskap nie.

5.5 SAMEVATTING

Die rolervarings wat in die studie aangespreek is, brei ook wyer uit as net die grootouer en die kleinkinders wat daardeur geraak word. Grootouers as primêre versorgers van hulle kleinkinders impakteer ons gemeenskappe daaglik op verskillende en unieke maniere. Die verskynsel stel nie net aan die grootouers en kleinkinders uitdagings nie, maar stel ook aan die gemeenskap waarin hulle funksioneer uitdagings. Die uitdagings sal op 'n kreatiewe manier aangespreek moet word om 'n gesonde gemeenskap en lede van die gemeenskap tot gevolg te hê.

VERWYSINGS

- Avert, International HIV & Aids Charity. 2009a. Impact of HIV upon South Africa. www.avert.org/aidssouthafrica.htm Date of access: 12 January 2012.
- Avert, International HIV & Aids Charity. 2009b. Worldwide HIV & Aids statistics. www.avert.org/worldstat.htm Date of access: 12 January 2012.
- Bachman, H.J., & Chase-Landsdale, P.L. 2005. Custodial Grandmothers Physical, Mental, and Economic Well-Being: comparisons of Primary Caregivers from Low-Income Neighborhoods. *Family Relations*, 54: 475-487. USA: Blackwell Publishing.
- Backhouse, J. 2009. Grandparents raising their grandchildren: impact of the transition from a traditional grandparent role to a grandparent as parent role. Lismore: Southern Cross University. (Thesis – PhD).
- Backhouse, J. & Graham, A. 2011. Grandparents raising grandchildren: negotiating the complexities of role-identity conflict. *Child and Family Social Work*. doi:10.1111/j.1365-2206.2011.00781.x Date of access: 4 June 2012.
- Berry, L., & Hall, K. 2010. HIV and Health – Teenage Pregnancy. Statistics on children in South Africa. www.childrencount.ci.org.za Date of access 12 January 2012.
- Bless, C., Higson-Smith, C. & Kagee, A. 2008. Fundamentals of Social Research Methods: an African Perspective. Cape Town: Juta and Company Ltd.

- Borman, M. 2011. Telephone conversation on 17-06-2011 at 10:00am. (057)3981753.
- Boon, H., Ruiter, R.A.C., James, S., Von Den Borne, B., Williams, E. & Reddy, P. 2009. The impact of a Community-based Pilot Health Education Intervention for Older People as Caregivers of Orphaned and Sick Children as a result of Aids in South Africa. *J Cross Cult Gerontol*, 24:373-389
- Brinkman, S & Kvale, S. 2008. Ethics in qualitative Psychology. *In qualitative Research in Psychology*. London: Sage Publications.
- Bureau of Justice Statistics. 2008 August. www.ojp.usdaj.gov/bjs Date of access 12 January 2012.
- Central Drug Authority. 2008 . Annual Report 2007/2008. www.dsd.gov.za Date of access 19 October 2012.
- Cox, C.B. 2003. Designing Interventions for Grandparent Caregivers: The Need for an Ecological Perspective for Practice. *Families in Society: The Journal of Contemporary Human Services*, 84(1):127-134. Available from ProQuest Psychology Journals: <http://www.proquest.com> Date of access 20 June 2010.
- Cox, C.B. 2007. Grandparent-Headed Families: Needs and Implications for Social Work Interventions and Advocacy. *Families in Society: The Journal of Contemporary Human Services*, 88(4): 561-566. Available from ProQuest Psychology Journals: <http://www.proquest.com> Date of access 20 June 2010.

- Dolbin-MacNab, M.L. 2006. Just like raising your own? Grandmother's perceptions of parenting a second time around. *Family Relations*, 55: 564-575.
- Dunne, E.G. & Kettler, L.J. 2007. Grandparents raising grandchildren in Australia: exploring psychological health and grandparents' experience of providing kinship care. *International Journal of Social Welfare*, 17: 333-345.
- Durrheim, K. 2004. Research Design. (In Terre Blanche, M. & Durrheim, K ed. *Research in Practice. Applied Methods for the Social Sciences*. Cape Town: University of Cape Town Press. p 29-53).
- Durrheim, K. & Wassenaar, D. 2004. Putting design into practice: writing and evaluating research proposals. (In Terre Blanche, M. & Durrheim, K ed. *Research in Practice. Applied Methods for the Social Sciences*. Cape Town: University of Cape Town Press. p 54-71).
- Edwards, O. W. 1998. Helping Grandkin – Grandchildren raised by grandparents: Expanding Psychology in the Schools. *Psychology in the Schools*, 35(2): 173-181.
- Englander, M. 2012. The Inverview: Data Collection in Descriptive Phenomenological Human Scientific Research. *Journal of Phenomenological Psychology*. 43:13-35.
- Finlay, L. 2008. Introducing phenomenological research. Available from: www.lindafinlay.co.uk/phenomenology.htm Date of access 17 September 2012.

- Finlay, L. 2009. Debating Phenomenological Research Methods. *Phenomenology & Practice*, 3 (1): 6-25.
- Giorgi, A. 2012. The Descriptive Phenomenological Psychological Method. *Journal of Phenomenological Psychology*, 43:3-12.
- Gravetter, F.J. & Forzano, L.B. 2009. Research Methods for the Behavioral Sciences. Canada: Wadsworth Cengage Learning.
- Greeff, M. 2012. Inleiding tot kwalitatiewe navorsing [e-pos]. 15 Mei 2012.
- Greenpaper **sien** Suid-Afrika.
- Grobler, H.B. 2011. An exploration of the psychosocial experiences of coloured grandmothers in Groenheuwel who are the primary care givers of their grandchildren. Potchefstroom: NWU. (Dissertation – MA).
- Hale, C.D. 2006. Qualitative_Research_Designs.pdf.
http://www.charlesdennishale.com/books/eets_ap/9_Date of access
8 October 2012.
- Harper, S. & Ruicheva, I. 2010. Grandmothers as Replacement Parents and Partners: The Role of Grandmotherhood in Single Parent Families. *Journal of Intergenerational Relationships*, 8: 219-233.
- Hoff, A. 2007. Patterns of intergenerational support in grandparent-grandchild and parent-child relationships in Germany. *Ageing & Society*, 27:643-665.

- Kinderwet **sien** Suid-Afrika.
- Kropf, N.P. & Wilks, S. 2003. Grandparents Raising Grandchildren. (*In* Berkman, B., *ed.* Social work and Health Care in an Aging Society. Education, Policy, Practice and Research. New York: Springer Publishing Company Inc.)
- Landry-Meyer, L. 1999. Research into Action: Recommended Intervention Strategies for Grandparent Caregivers. *Family Relations*. 48 (4): 381-389.
- Landry-Meyer, L., & Newman, B. M. 2004. An Exploration of the Grandparent Caregiver Role. *Journal of Family*, 25: 1005-1025.
- Lester, S. 1999. An introduction to phenomenological research. Taunton UK: Stan Lester Developments. www.sld.demon.co.uk/resmethy.pdf Date of access 28 September 2012.
- Lunga, N.R. 2009. Challenges experienced by grandparents raising their grandchildren in Utrecht in KwaZulu-Natal. KwaZulu-Natal: University of Zululand (Dissertation – MA).
- Minkler, M & Roe, K. M. 1996. Grandparents as surrogate parents. *Generations*, 20 (1):34-39.
- Nelson Mandela Foundation. 2005. South African National HIV Prevalence, HIV Incidence, Behaviour & Communication Survey. Cape Town: HSRC Press.

- Price, C.A. 2005. Grandparents As Parents: An Emerging Family Pattern. (In Yuen, F.K.O., ed. *Social work Practice with Children and Families. A Family Health Approach*. New York: The Haworth Press).
- Poehlmann, J. 2003. An Attachment Perspective on Grandparents Raising Their very young grandchildren: Implications for intervention and research. *Infant Mental Health Journal*, 24(2): 149-173.
- Roe, K. M. & Minkler, M. 1998-1999 Winter. Grandparents Raising Grandchildren: Challenges and Responses. *Generations*, 22(4): 25-38.
- Rofianto, W. 2011. Exploratory Research Design. http://rofianto.files.wordpress.com/2011/04/mr_02.pdf Date of access 8 October 2012.
- Roos, V. 2012. Student 23277237 [e-pos]. 14 Junie 2012.
- Sands, R.G. & Goldberg-Glen, R.S. 2000. Factors Associated with Stress Among Grandparents Raising Their Grandchildren. *Family Relations*, 49:97-105.
- Seidel, J.V. 1998. Qualitative Data Analysis. www.qualisresearch.com Date of access 8 October 2012.
- Shenton, A. K. 2004. Strategies for ensuring trustworthiness in qualitative research projects. *Education for Information*, 22:63-75.

- Smith, G. C. & Hancock, G. R. 2010. Custodial Grandmother-Grandfather Dyads: Pathways Among Marital Distress, Grandparent Dysphoria, Parenting Practice, and Grandchild Adjustment. *Family Relations Interdisciplinary Journal of Applied Family Studies*, 59:45-59.

- Statistics South Africa. 2005. Census 2001 Stages in the life cycle of South Africa. Report no.:03-02-46(2001).

- Stern, L.S. 2009. Grandparents raising grandchildren: Potential for reducing parenting stress through the Step Parent Training Program. West Hartford: University of Hartford. (Thesis – PhD).

- Suid-Afrika. 2012. Greenpaper on Families. Available from www.dsd.gov.za Date of access 25 May 2012.

- Suid-Afrika. 2006. Kinderwet 38 van 2005. Die Vereniging van Regslui vir Afrikaans. Available from <http://www.vra.co.za> Date of access 03 October 2012.

- Terre Blanche, M. & Kelly, K. 2004. Interpretive methods. (*In* Terre Blanche, M. & Durrheim, K., *ed* Research in Practice. Applied Methods for the Social Sciences. Cape Town: University of Cape Town Press. p. 123-146).

- Van Rensburg, D.C. 2006. Die rol en ervaring van die Grootmoeder as familiepleegouer. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (Verhandeling - MA).

- Waldrop, D P. & Weber, J. A. 2001. From Grandparent to caregiver: The stress and satisfaction of raising grandchildren. *Families in Society: The Journal of Contemporary Human Services*, 85(5):461-472. Available from ProQuest Psychology Journals: <http://www.proquest.com> Date of access 20 June 2010.

- Whitley, D.M., Kelley, S.J., & Sipe, T.A. 2001. Grandmothers Raising Grandchildren: Are they at increased risk of health problems? *Health & Social Work*, 26(2): 105-114.

AANHANGSEL A: TOESTEMMINGSVORM



NORTH-WEST UNIVERSITY[®]
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

Sentrum vir Kinder-, Jeug- en Familiestudies
Hoek van Oos en Kollegestraat
Wellington
7655

Tel: 021 8643593
Faks: 021 8642654

Geagte Grootouer/s

Ek is tans besig om deelyds my Meestersgraad in Sielkunde te verwerf aan die Noordwes-Universiteit. Om my graad suksesvol te voltooi, moet ek navorsing doen en 'n verhandeling inhandig.

Die onderwerp van my studie is

ROLERVARING VAN GROOTOUERS AS DIE PRIMÊRE VERSORGERS VAN HULLE KLEINKINDERS IN ODENDAALSRUS

Uitnodiging tot deelname:

U word hiermee versoek om deel te neem aan die navorsings studie omdat u geïdentifiseer is as 'n grootouer wat die primêre versorger is van u kleinkinders, wat onder die ouderdom van 18 jaar is, vir 'n periode al langer as 6 maande.

Die doel:

Die navorser wil ondersoek instel na die ervarings van grootouers wie die primêre versorgers is van hulle kleinkinders. Deur die ervarings van bogenoemde grootouers te ondersoek in die blanke gemeenskap van Odendaalsrus hoop die navorser om 'n verhoogde sin van bewustheid te ontwikkel oor die verskynsel. Die insigte sal dan gebruik word om aanbevelings te maak aan professionele persone wat met grootouers werk wat hulle kleinkinders grootmaak.

Risiko:

Van die vrae wat gevra word in die onderhoud mag sensitiewe aangeleenthede aanraak. Daar sal egter elke moontlike poging deur die navorser aangewend word om die ongemak te beperk. Indien u enige tyd tydens die studie voel dat u eerder wil onttrek van die navorsing staan dit u vry om dit te doen.

Onderhoude:

Al die onderhoude sal opgeneem word op video. Die opnames sal op 'n veilige plek gestoor word en sal slegs gekyk word deur die navorser. Die opnames sal nie openbaar gemaak word nie en sal ook nie na gekyk word deur enige ander persoon buiten die navorser nie.

Kostes en finansiële risiko:

Daar 's geen finansiële kostes verbonde vir die deelname aan die projek nie. Die vervoerkostes van die respondente sal individueel met elkeen gereël word.

Voordele en vergoeding:

Daar is geen waarborg dat u enige direkte voordeel sal trek uit u deelname aan die studie nie. U sal geen vergoeding van enige aard ontvang vir u deelname aan die studie nie. U sal ook geen finansiële voordeel trek uit u deelname aan die studie nie.

Alternatiewe:

U deelname aan die navorsingsprojek is volkome vrywillig en u mag enige tyd kies om te onttrek.

Konfidensialiteit:

Alle moontlike maatreëls word deur die navorser geneem om die inligting wat bymekaar gemaak word deur die loop van die studie as vertroulik te hanteer, behalwe waar die navorser onder 'n wetlike verpligting staan om dit bekend te maak. Indien die navorsing op enige wyse gepubliseer word sal u naam nie bekend gemaak word nie.

Addisionele inligting:

U deelname aan die studie is volkome op 'n vrywillige basis, dit staan u vry om enige tyd te onttrek van die studie. U kan ten enige tyd onttrek sonder dat u veroordeel sal word vir u keuse. Indien u onttrek van die studie kan u die navorser versoek om nie die inligting te gebruik wat u reeds aan die navorser deurgegee het nie. U word aangemoedig om vrae te vra ten opsigte van die studie enige tyd tydens die studie soos dit by u mag opkom. Enige nuwe bevindings wat ontwikkel word gedurende die studie wat verband mag hou met u bereidwilligheid om voort te gaan met u deelname aan die studie sal aan u verskaf word.

Terugvoer:

U gee hiermee toestemming dat die terugvoer na afloop van die navorsing kan geskied in groepsverband aan al die respondente wat deelgeneem het aan die studie.

Onttrekking:

U bevestig dat u deelname aan die studie volkome vrywillig is en dat u ter enige tyd van die studie kan onttrek.

Regte:

Indien u enige navra het in verband met u deelname aan die navorsing kan u die navorser kontak. (Susan Brink – 0823190726).

Gevolgtrekking:

Deur die dokument te onderteken, bevestig u dat u deur die toestemmingsvorm gelees het en dat u verstaan wat daarin staan en dat u bereid is om deel te vorm van die navorsingsstudie.

Handtekening van Respondent

Datum:

Handtekening van Navorsers

Datum:

Handtekening van studieleier

Datum

